Olielamp

Die Nasionale Stemdag - vir wie gaan jy stem?

Jaargang 18 nr 04 Mei 2014

REDAKSIESPAN 2014

Hoofredaktrise
Janet Pouwels

Subredaktrise
Karlien Stolper

Uitleg
Chrisna Bosker

Admin & Webtuiste
Elsabé Ros

Lid
Nicoline Anholts

Lid
Saskia Snijder

Lid
Renette Ros

Subredaktrise
Martha Hamming

Subredaktrise
Charmaine de Bruijne

Lid
Corneel Hagg

Subredaktrise
Maryke Roos

Illustrasies
Danelle van den Berg

Lid
Marijke Luijk

Lid
Herno van der Linden

Volgende Tema:
Die uitlewing van jou geloof

REDAKSIONEEL

Op die 7de Mei is dit weer tyd om jou kruisie op die stembriefie aan te bring. Die nuus en die koerante is vol met berigte oor die verskillende partye en voorspellings van wat in die komende verkiesing kan gebeur. Ons word aanhoudend gebombardeer met die vraag 'Vir wie gaan jy stem?' en dit is natuurlik 'n baie belangrike vraag. Gaan jy vir die opposisieparty stem of vir 'n Christelike party? Of beplan jy dalk om glad nie te stem nie?

Hierdie Olielamp-uitgawe hoop om antwoorde op jou vrae te verskaf. Al gee hierdie uitgawe nie 'n duidelike antwoord vir wie jy uit 'n Christelike oogpunt moet stem nie, bied dit wel verskillende perspektiewe wat jou kan help om 'n besluit te maak. Daar word ook redes gegee waarom dit so belangrik is om te stem, en ons hoop om dié wat beplan het om nie te stem nie, te oortuig om dit wel te doen!

Hierdie uitgawe bevat ook baie aktuele artikels oor sake wat met die owerhede te doen het, asook die lesings en werkswinkels wat by die afgelope postbelydeniskamp aangebied is. Die uitgawe is dus propvol interessante leesstof en ons hoop dat julle dit sommer baie sal geniet!

Die volgende uitgawe, die Junie/Julie uitgawe, is ons jaarlikse spoguitgawe, en ons benader dié uitgawe gewoonlik op 'n spesiale en ander manier as ons 'gewone' uitgawes. So hou gerus julle oë oop daarvoor!

Lekker lees!
Janet

Missie

Die Olielamp is daar om die Drie-enige God te eer. Dit verskaf riglyne vanuit sy Woord en versterk sodoende die leser om God deel te maak van alle aspekte van die lewe.

Die doel van die Olielamp is om te verseker dat daar kwaliteit leesstof vir die jeug en ander belangstellendes beskikbaar is. Dit gee elkeen die geleentheid om hulle opinies te lig en om hulle talente in God se Koninkryk te gebruik. Dit bevorder kommunikasie tussen verskeie Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

Visie

Die visie van die Olielamp is om die leser te bemoedig om 'n God-gerigte lewe te lei.

INHOUDSOPGAWE

Uit die Woord

05 *Hoekom het God owerhede aangestel?*

06 *Moet ons die regering altyd gehoorsaam?*

08 *Voorbidding vir die regering*

Oppad

09 *Moet ek regtig gaan stem?*

10 *Vir wie moet ek stem?*

11 *Het ons regtig menseregte?*

13 *Mag ek as Christen staak?*

14 *Is godsdiensvryheid reg?*

16 *Morele dilemmas en besluitneming*

18 *Doodstraf*

19 *Moet die doodstraf weer ingestel word?*

21 *Hoekom moet ek as Christen vir dié party stem?*

23 *Kiesersgids*

Postoelzydeniskamp

24 *Wat gaan ons stem in die komende verkiesing?*

26 *Die huidige politieke landskap in Suid-Afrika*

30 *"Ek hou nie van my owerheid nie"*

31 *Emigrasie: Ry of bly?*

32 *Wat sê die Bybel oor die owerhede?*

35 *Challenge*

Uit die Woord

HOEKOM HET GOD OWERHEDE AANGESTEL?

Geskryf deur: Martha Hamming

In die Ou Testament

Ons lees in 1 Samuel 9:1-10:11 dat Israel om 'n koning vra. Hul versoek is veroordeel, maar ook toegestaan. Veroordeel, omdat hulle nie hul vertroue op hul hemelse Koning, God Almagtig, gestel het nie. Hulle het meer verwag van 'n sterk, sigbare leier, soos by die ander volke. So 'n leier sou toekomstige welvaart en veiligheid kon waarborg, dink hulle. Asof God Almagtig dit nie kon doen nie.

Tog bewillig God hulle versoek. God wil 'n teokratiese koningskap oprig ('n regeringsvorm waar die land deur 'n gelowige leier regeer word). God se volk het so 'n leier nodig en God wil die pad voorberei vir ons groot koning Jesus Christus.
Die besluit om Israel 'n koning te gee is goedgekeur. Nou moet slegs die regte man aangestel word. Maar hoe moet die keuse gemaak word? In die wet het die Here bepaal: "... dan moet jy sekerlik 'n koning oor jou aanstel wat die Here jou God sal verkies..." (Deuteronomium 17:15)

Hoekom het ons vandag nog owerhede?

Die vraag na die rede vir owerhede is dalk nie iets wat ons deesdae nog so gereeld vra nie, aangesien ons nie werklik anders ken as om 'n owerheid oor ons te hê nie. Tog is dit 'n belangrike vraag, aangesien dit bepaal in watter lig ons die owerheid sien. Die antwoord kan ons ook help bepaal vir watter politieke party om te stem in die komende verkiesing. Kom ons kyk wat die Nederlandse Geloofsbelydenis hieroor te sê het:

"... Dit is immers God se wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop... Dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel..." (NGB Artikel 36)

Wanneer ons praat oor die owerheid of die lang arm van die gereg, soos die polisie, dan doen ons dit dikwels in 'n negatiewe sin. Hulle word dikwels afgekraak en verneder. Ons kan verstaan dat daar kritiek is. Maar pas so 'n negatiewe houding wel by 'n Christen? Dank ons God nog wel vir die owerheid? Sien ons nog wel dat dit 'n wyse beskikking van God is, ook vir ons eie beswil? Sien en bely ons nog wel die hand van ons goeie God agter die owerhede, soos artikel 36 van ons NGB ons daarin voorgaan? "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het."

Hoe sou ons land dan wees sonder owerheid? Ons samelewing sou hel gewees het! Ons kan dit duidelik sien uit die geskiedenis van die rigters. Ons lees telkens weer: "Elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë..." Telkens het hulle weer van God afgedwaal. Ons kan altyd wens vir 'n beter en meer bekwame owerheid, maar ook wat ons het, is tog nog 'n gawe van ons goeie God. Dink maar aan die vreedsame verloop van die verkiesing in 2010. Vergelyk dit maar met die verkiesing voor dit en met die lande om ons heen. God gee ons nog 'n owerheid wat ons die ruimte gee om te lewe en te werk en veral wat ons die ruimte gee om voort te gaan met die bediening van die evangelie.

God gee aan ons die owerheid

Deur God ontvang ons die owerheid. Ons praat wel van 'n demokrasie en van 'n demokratiese verkiesing. Dit beteken dat die owerheid deur die volk gekies word. Tog is dit die Here wat die regering deur middel van die stemme vir ons gekies het. Vergelyk dit maar met die verkiesing van ampsdraers. Die gemeente kies, maar ons verklaar daarna dat God self ons tot hierdie diens geroep het.

Moet ons die owerheid gehoorsaam?

Dit is dan ons plig om ons "... aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en hoedanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen..."

Waarom moet ons die owerheid gehoorsaam wees? Omdat God hulle aangestel het! Of hulle goed of sleg is, dit maak nie saak nie. Hulle is dienaars van God, daarom sal ek my nie teen hulle versit nie.

"... hy wat hom teen die mag versit, weerstaan die instelling van God; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Maar wil jy nie die mag vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede." (Romeine 13: 2-4)

Laat ons daarom ons huidige regering aan die Woord van God meet en dit ook voorop stel in ons keuse wanneer ons ons stemme uitbring op 7 Mei.

Bronne:

- Ds C Kleijn. God gee owerhede op sy tyd en wyse. 6 Junie 1999.
- Ds C Kleijn. God roep Saul om koning oor sy volk te wees. 28 Julie 2002.

MOET ONS DIE REGERING ALTYD GEHOORSAAM?

Geskryf deur: Rinus Luijk

'God save the Queen' is 'n baie bekende frase uit Engeland se volkslied. Hierdie frase dui daarop dat Engeland se burgers baie waarde heg aan hul land se regeerder. Dit is egter nie net Engelse burgers wat so voel nie, maar in byna alle lande is politieke figure baie belangrik en ons word aan hulle gesag onderwerp. Dit is verstaanbaar dat so 'n leier en regeerder as belangrik geag word, aangesien hierdie persoon verhoed dat 'n land in wanorde verkeer. Daarom het God self regeerders en leiers bo ons aangestel, aan wie ons ons moet onderwerp.

God het die regering aangestel

Die regering is volgens Romeine 13:3 'n voorwerp van vrees by die slegte dade. "Daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel." Dit is dus belangrik dat ons die regering gehoorsaam, aangesien God die regering bo ons aangestel het om aan ons wette en riglyne te gee wat ons verhoed om slegte dade te doen en teen God se wil in te gaan. Volgens Paulus weerstaan ons die instellings van God wanneer ons die regering weerstaan en hul gesag verwerp. Wat egter altyd onthou moet word, is dat God die meeste gesag dra en dat Hy die middelpunt van ons lewens moet wees. Ons moet altyd sy wil voorop stel en ons lewens inrig soos wat Hy dit in sy Woord vir ons uitsit. God se mag is dus die belangrikse en grootste mag en ons moet alles verwerp wat teen sy Woord en wil ingaan.

Wat as die regering teen God se wil ingaan?

Maar wat as die regering byvoorbeeld aborsie goedkeur? God se Woord leer ons dat elke lewe kosbaar is en dat ons almal sy skepsels is. God se sesde gebod aan ons is immers: "Jy mag nie doodslaan nie." Aangesien aborsie die terminasie van swangerskap deur die verwydering van 'n fetus of embrio is, kan dit as moord of doodslag gesien word, omdat die fetus verhoed word om 'n lewe te hê. Wanneer 'n regering dus aborsie goedkeur, keur hulle die oortreding van God se sesde gebod goed. Moet ons dan nog steeds die regering ondersteun wanneer hulle so iets goedkeur en so teen God se wil ingaan?

Die eenvoudige antwoord hierop is: "Nee."

God is almagtig en sy Woord oortref alle mag in die wêreld. Die regering is immers ook deur God ingestel en moet aan God onderworpe wees. God se mag oortref dus dié van die regering. Wanneer die regering hom dus teen die wil van God verset

of teen God se Woord ingaan moet ons ons voet neersit. Daniël en sy vriende het ook geweier om die goue beeld, wat koning Nebukadnésar opgerig het, te aanbid, aangesien dit teen God se tweede gebod ingegaan het. Ons moet altyd eerste na God se wil en Woord luister.

Wanneer die owerheid 'n mens beveel of dwing om iets te doen wat duidelik in stryd is met God se wil, het die Christen die reg en die plig om ongehoorsaam te wees. Dan geld die reël wat in Handelinge 5:29 neergelê word: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense." So staan daar ook in NGB artikel 36: "Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, **en hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie…"**

Ons moet egter nie oorhaastig wees en ons onmiddellik teen die regering verset nie. Ons moet eers na God se Woord gaan en bepaal of dit wat die regering doen volgens God se wil is. As dit nie is nie, moet ons die regering in daardie opsig nie gehoorsaam nie en God voorop plaas.

"God is Koning van die hele aarde." (Psalm 47:8)

Verjaarsdae

Danelle van den Berg	03
Juan de Bruijne	08
Rigardt Hoving	11
Chandré Bron	13
Albrecht Luijk	14
Helga de Vente	17
André de Vente	18
Elsabé Hordijk	23
Nadia Mulder	24
Simon Antonides	24
Karike Roos	25

VOORBIDDING VIR DIE REGERING

Geskryf deur: Marié Hoving

Ons bly in 'n land waar armoede, misdaad, bendegeweld, geweld teen vroue, middel- en drankmisbruik en MIV/vigs oorheersend is. Dan leef ons ook met die volgende vraag:
Moet ons voorbidding doen vir 'n regering wat totaal korrup, magsbehep, geldgierig en gefokus is op hulle eie belange?
NGB Artikel 36 sê die volgende onder die opskrif 'Die Burgelike Owerheid':

> "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien kan word soos Hy in sy Woord beveel het. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei. Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur."

Voorbidding moet vir alle mense gedoen word. Omdat daar een God is, is alle mense van Hom afhanklik en rus die verantwoordelikheid op sy kinders om vir alle mense voorbidding te doen. Die liefde van God sluit immers alle mense in, soos geopenbaar is in die koms, optrede en leer van Jesus.

> "In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, dankseginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." (1 Timotheus 2: 1-4)

Paulus skryf in sy eerste brief aan Timotheus dat die gebed tot sy volle reg moet kom, met ander woorde, dat daar "smekinge, gebede, voorbedes, dankseginge" gedoen moet word. Die erediens in die vroeë kerk het nie 'n vaste vorm aangeneem nie, maar het 'n aantal elemente bevat. Die gemeentelede het saamgekom om te volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in gebede, en het mekaar ook vermaan met psalms, lofsange en geestelike liedere. Die eerste drie van die vier begrippe wat Paulus noem, dui saam die voorbidding in sy wye omvang aan en is gerig op 'n bepaalde noodsituasie, sowel as 'n algemene behoefte.

Die "konings en almal wat hooggeplaas is", is persone vir wie die gemeente ook voorbidding moet doen. Hierdie persone het groot verantwoordelikhede en beklee 'n belangrike amp. Paulus vermaan dat daar nie 'n gesindheid van haat teenoor hulle moet wees nie, en so moet ons optrede ook wees. Ons moet bereid wees om voorbidding te doen in die vertroue dat God 'n verandering van hart kan teweegbring.

Die werklike rede waarom daar vir die owerheidspersone gebid moet word, is omdat God wil hê "dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom." Dit gaan om redding, die bekering van konings en hooggeplaastes. God sluit alle mense in, ook die hooggeplaastes, wanneer Hy voorsiening maak vir die redding van alle mense, maar elkeen moet self besluit of hy die redding sal aanneem. Daarom moet daar gebid word dat die konings en hooggeplaastes deur die genadewerking van God daartoe beweeg mag word om tot die geloof in Christus te kom, en daardeur ook tot die kennis van die waarheid.

Bronne:
E.P. Groenewald. Die Pastorale Briewe.

MOET EK REGTIG GAAN STEM?

Wat beteken dit om te stem en waarvoor moet ons dan ook stem? Op die Vrydagaand van die postbelydeniskamp was daar ‘n spreker gewees wat meer oor die onderwerp ‘gaan ek stem?’ gepraat het.

Die onderwerp was baie interessant juis omdat dit altyd moeilik is om te stem en ook om dan te besluit vir wie ek gaan stem. Moet ek vir ‘n Christelike party stem of eerder vir die sterk teenparty? Om nie te stem nie is ook ‘n besluit.

Voor die lesing begin het moes almal op ‘n papiertjie neerskryf vir watter party (indien enige) hulle beplan om op stemdag te stem. Na afloop van die lesing moes jy weer dieselfde doen om te kyk of die lesing enigsins jou besluit beïnvloed het. Die stemme is dan aan die einde getel en die resultate gelees.

Die tema van die lesing was treffend: ‘Gaan ek stem?’ Maar meer belangrik is vir wie ek gaan stem. Die lesing het begin en daar is gepraat oor statistieke en die land se regering, wie watter setels in die parlement het en hoe dit dan ook gebruik word, daar is na ‘n landkaart gewys wat beter aandui hoe die stemme in die streke lê en ‘n voorspelling van wat in die volgende verkiesing kan gebeur.

Na afloop van die lesing hang daar baie onsekerhede in die lug. Maar wat nou van die verskeie partye? Vir wie moet ek dan as Christen stem? Hoe moet ek as Christen weet waarvoor om te stem? Waaruit bestaan die partye? Ek weet van die ANC en die DA wat die teenparty is, maar nie een van hierdie partye is Christelik nie. Moet ek vir ‘n Christelike party stem? Dan êrens in die lug hang daar die ACDP wat ‘n Christelike party is. Hoe moet ek die keuse maak om te stem? Moet ek vir die teenparty stem, wat eintlik teen die geloof vasskop? Of moet ek vir die Christelike party stem wat ‘n Christelike verandering kan maak? Maar dan hoor ‘n mens weer die teenargument: ‘’n mens hoor dan nooit iets van hulle nie.’ Maar as ‘n mens weet waarvoor hulle staan en as alle Christene ook in die land sal saamstaan, dan sal ‘n mens meer van hulle hoor en hulle sal ‘n verskil kan maak en meer as net hul een setel kry.

Mense maak gou die besluit om te sê ek stem vir die opposisieparty, want die ACDP kom tog nêrens nie. Dan moet ‘n mens net weer ‘n keer stilstaan en dink: daar ís ‘n Christelike party en daar ís die geleentheid om as Christen te wys jy staan op vir jou geloof. Nou waar is ons as Christene? Hoekom staan ons nie saam om ‘n verskil te maak nie, want dit mag dalk net die verskil wees wat ons nodig het.

VIR WIE MOET EK STEM?

‘n Bybelse perspektief

Soek jy ‘n vooruitstrewende ekonomie, vryheid en nasionale sekuriteit? Die Bybel leer ons dat hierdie seëninge jou toekom wanneer jy God gehoorsaam. Deel daarvan om God te gehoorsaam is om godvresende leiers te kies. Jesus sê ook dat dit die ongelowige is wat net agter die ekonomie en vryheid aan is, en hy neem nie God in ag wanneer hy besluite maak nie. Maak die volgende twee Bybelverse van toepassing op die opkomende verkiesing en oordink wat God deur sy Woord vir ons sê.

“Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.” (Mattheus 6: 31-33)

“As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.” (Levitikus 7: 13-14)

Die vereistes vir ‘n leier

In die Ou Testament lees ons wat die vereistes vir ‘n leier behoort te wees.

“Maar kies jy uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat.” (Exodus 18: 21)

“Die God van Israel het gesê, die Rots van Israel het tot my gespreek: ‘n Heerser oor mense, ‘n regverdige, ‘n heerser in die vrees van God, is soos die môrelig by sonsopgang, ‘n môre sonder wolke as deur die glans ná die reën grasspruitjies uit die aarde uitkom.” (2 Samuel 23: 3-4)

Elke persoon vir wie ons stem om ‘n leiersposisie te beklee, behoort die volgende eienskappe te hê volgens bogenoemde twee teksverse:

1. Hy moet heers in die vrees van God.
2. Hy moet bekwaam wees.
3. Hy moet regverdig wees.
4. Hy moet betroubaar wees en onregverdige wins haat.

Watter kandidaat in die opkomende nasionale verkiesing voldoen die meeste aan God se standaard? Gaan jy vir daardie persoon stem?

Tien redes hoekom elke Christen behoort te stem

1. Omdat ons die owerhede wat die verkiesing gereël het, moet gehoorsaam. “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel…” (Romeine 13: 1)

2. Tydens die verkiesing in ‘n demokrasie, dien ons in der waarheid as die owerheid, aangesien óns die besluit maak wie volgende in die regering sal dien. Ons het ‘n morele plig om ons verantwoordelikhede uit te voer.

3. Wanneer jy stem, word jou opinie in aanmerking geneem wanneer daar leiers aangewys word.

4. As jy nie stem nie, het jy nie die reg om te kla wie verkies word nie.

5. Die verkose verteenwoordigers het die mag om besluite te maak oor van die belangrikste dinge wat ons lewe raak, en jy het dus ‘n sê in wie hierdie besluite kan maak. Gesondheidsorg, paaie, onderwys, belasting – dit is alles dienste waarvoor jy betaal.

6. Hoe minder mense aan die verkiesing deelneem, hoe verder raak ons van die ware resultaat wat daar kon gewees het. Die resultate sal glad nie die ware prentjie weerspieël nie, en is dus ook nie verteenwoordigend nie.

7. Dit is net reg dat die regte boodskap aan die huidige regering gestuur sal word. As die regering nie doen wat van hom verwag word nie, moet dit in die verkiesingsyfers sigbaar wees, en dit is die landsburgers se verantwoordelikheid.

8. Duisende mense regoor die wêreld is al doodgemaak in die stryd vir 'n demokratiese verkiesing. Deur hulle toedoen het jy die reg gekry om te kan stem, en ons moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie.

9. Regoor die wêreld is daar nogsteeds lande wat onder totale diktatorskap ly, en waar verkiesings nie eers toegelaat word nie. Ons is baie bevoorreg om te mag stem.

10. Om demokraties te kan stem is baie beter as die ander maniere waarop leiers aangewys kan word: deur brute krag of om die koningskap te erf.

Bronne:

• http://www.usachristianministries.com/christian-voters-guide/
• http://www.pathoes.com/blogs/adrianwarnock

HET ONS REGTIG MENSEREGTE?

Geskryf deur: Karlien Stolper

Ons almal ken daardie oorbekende woorde: "'n Christen het nie regte nie, maar voorregte." Wat as ek dan nou 'n klip in die bos gooi en sê dat 'n Christen wel regte het?

Ons lewe in 'n land en wêreld waar een van die hardste krete wat steeds uitgeroep word, die volgende is: "Almal het regte! Aanvaar mense net soos hulle is!"

Die wêreldnuus is vol daarvan: 'n Gay persoon het die reg om gay te wees. 'n Vrou moet opstaan en emansipeer – sy het die reg om meer as net 'n huisvrou te wees. 'n Kind mag nie oor homself laat loop nie. Pasop, selfs honde het regte.

Dit is sinsnedes wat maak dat ek my hande voor my oë wil slaan en uitroep: "O wee!" en "Nee, die mens hét nie regte nie!" Maar is dit die waarheid? Wat sê die Bybel hieroor?

Die wêreld se verstaan van menseregte

Ek hoef maar net 'human rights' te google en my skerm spring vol met moontlike webtuiste-skakels. Dit is wat ek vind: "All human beings are born free and equal in dignity and rights. They are endowed with reason and conscience and should act towards one another in a spirit of brotherhood." (Cohen, 2012)

Hierdie stelling val nie eers vreemd in die ore nie, want is dit dan nie waar dat almal 'n verstand en gewete het nie? En is dit dan nie waar dat ons almal vry gebore is en 'n reg het om te lewe, of reg het tot onderwys nie? En wat van die laaste sin? Klink dit nie Christelik nie?

Eintlik sal ek op alles ja kan knik, maar dit eindig nie net hier nie. Kom ons kyk na wat die Foundation of Human Rights sê. Op hulle webtuiste (www.fhr.org.za) verskyn prente oor 'n staking, 'n nuutgeboude huis in 'n lokasie, vrouens wat met groot waterkanne op hulle koppe loop en 'n koei wat op 'n droë stuk land staan. Daarby lees sommige propaganda-tekste: 'Ending Homophobia', 'Bringing Change'

en ‘Restorative justice and diversion’. Maar die woorde wat die meeste opduik is: ‘Rights of the ...’

Kom ons wees nou eerlik. Ons lewe in ‘n land en wêreld waar daar baie mense is wat swaarkry. Sal ons ooit kan ophou om op te noem wie nie swaarkry nie? Ons land swem in armoede, misdaad vier hoogty, werkloosheid staan die strate vol. In ons kontinent is daar wrede Christenvervolging, burgeroorlog en skreiende armoede. In ons wêreld word diere mishandel, werk Chinese kindertjies in fabrieke, ly mense onder diktators, of vreet ‘n genadelose siekte mense se liggame op. Ek kan so voortgaan en ‘n boek klaagliedere vol skryf, maar dan is daar nóg vrae wat by my opkom: Is dit dan vreemd dat daar organisasies vir menseregte begin onstaan het? Is dit vreemd dat die ANC die woord ‘menseregte’ uitbasuin ná iets soos apartheid? Is dit vreemd dat daar optogte en konsessies vir menseregte is?

Die antwoord is heel eenvoudig: Nee, want in ‘n wêreld vol sonde is menseregte nodig.

Uitgangspunte van menseregte

As ons na van die uitgangspunte van die menseregte vandag kyk, weet ons dat die basiese premisse Evolusie en Humanisme is.

Evolusie: Die mens het geëvoleer van ‘n aap na ‘n mens. Dit impliseer dus dat die mens nou beter as die aap is en sy verstand moet gebruik om sy ‘mede-aapmense’ te respekteer. Jolly (1999), ‘n joernalis van die *New Scientist,* stel die volgende: “But I believe we are now embarking on a fifth major transition. Homo sapiens is slowly evolving into something akin to a superorganism, a highly-structured global society in which the lives of everyone on the planet will become interdependent.”

Hierdie siening onderstreep menseregte. Ons is volgens die wêreld oppad na ‘n hoër en meer gestruktureerde samelewing. Dit beteken dus dat ons nou gaan evoleer na mense wat almal in perfekte harmonie kan saamlewe, sodat almal oor gelyke regte, geregtigheid, vrede, moontlikhede, ens. kan beskik.

Humanisme: British Humanist Association gee die volgende kenmerke vir ‘n humanis:
“They:
1.) think for themselves about what is right and wrong, based on reason and respect for others;
2.) find meaning, beauty and joy in the one life we have, without the need for an afterlife;
3.) look to science instead of religion as the best way to discover and understand the world;
4.) believe people can use empathy and compassion to make the world a better place for everyone.”

Is dit nie skokkend nie? Humanisme verdedig nie net menseregte nie, maar bespot ook godsdiens.

Die vraag lui dan nou: hoe kan ons as Christene in menseregte glo, as die Humanisme en Evolusie aan die orde van die dag is?

Die Bybel se verstaan van menseregte

Ek is geneig om nog steeds te sê mense het regte, maar dan vanuit ‘n ander basis as dié van die wêreld, want ons verwerp die evolusieteorie en humanistiese benadering.

Alhoewel ons die ewige verdoemenis verdien (doopformulier), is en bly ons steeds skepsels, geskape na die beeld van God (Genesis 1: 26, 27). Sonde het alles kom vernietig en waar wette nooit nodig sou wees nie omdat ons goed gemaak is (Genesis 1:31), moes die Here nou ter wille van die mens wette maak (wat ‘n seëning en voorreg is). Die Here het nie Exodus 20 vir sy eie plesier laat neerpen nie. Nee, Hy het gesien dat ons nie daarsonder kan nie en daarom die tien gebooie ingestel.
God het die wetboeke vol geskryf met ‘menseregte’. As ons deur Levitikus blaai, kom daar talle wette na vore wat mense beskerm en van menseregte kan getuig. Let egter op dat hierdie wette verskil van die wêreld se menseregte.

Die tien gebooie vorm die basis van Christene, kinders van God, se regte en word saamgevat deur: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel en jou hele verstand en jou naaste liefhê soos jouself.” (Markus 12:30, 31)
Ons het dus ons naaste lief omdat God ons eerste liefgehad het en omdat ons Hom nou mag liefhê (1 Johannes 4:19). Ons het nie lief vanuit ‘n selfsugtige liefde soos die wêreld nie, ons het lief omdat Christus vir ons gesterf het en ons daarom besef hoe ellendig my eie ek is en hoe ek, my naaste en my omgewing God benodig. Ons het lief omdat die Heilige Gees dit in ons werk en ons ‘n lieflike geur vir onse Here wil wees (2 Korinthiërs 2:15).

En daarom volg ons die ‘menseregte’ van die tien gebooie, waarin staan:
1. Jy mag en moet die enigste ware God dien: Christelike godsdiens is ‘n reg.

2. Jy mag nie afgode dien nie: Dis ‘n reg om die evangelie te verkondig, anders verval mense in duisternis.

3. Jy mag opkom vir God se Naam en bv. selfs die filmbedryf aanvat op die misbruik van God en Jesus se Naam.

4. Jy mag vir God ‘n dag afsonder en spesiaal aan Hom wy.

5. Jy mag onderdanig en gehoorsaam aan jou ouers en ander gesagsdraers wees.

6. Jy mag lewe (dus weg met aborsie, genadedood en misdaad).

7. Jy mag mense waarsku teen en keer om te skei, en jy en jou huweliksmaat mag getrou wees. Jy mag in ‘n gelukkige huwelik aan mekaar trou bly (dus weg met openbare pornografiese media).

8. Jy mag diefstal straf en teen geweld en misdaad stry. Wat God vir jou gegee (geleen) het, mag joune bly.

9. Jy mag leuens en skinder teëstaan. Jy mag die waarheid praat.

10. Jy mag dit wat die Here vir jou gee (eggenoot, huis, kar) beskerm, bewaar en stry teen media wat anders getuig. Jy mag gelukkig en tevrede wees met dit wat God jou toebedeel het.

Ons verstaan van menseregte vandag

Ek wil weer my beginstelling herhaal: Ons mag in menseregte glo, omdat ons na God se beeld gemaak is en sy beeld moet beskerm.

Daarom wil ek almal uitdaag om weereens oor jou stemkeuse vir 7 Mei 2014 te dink. Stem ons vir partye wat aborsie toelaat, misdaad nie straf nie, die evolusieleer op skole voorskryf en Christelike onderrig wil stilmaak?

Laat ons anders in ‘n wêreld lewe wat Christus verag. Laat ons meer doen as die humaniste en dié liefhê wat ons vervloek (Lukas 6:28). Skyn Christus se lig so wyd (Mattheus 5:16), dat almal mag weet wie die Weg, Waarheid en Lewe (Johannes 14:6) is. Sodat almal mekaar in en deur ons Heiland mag liefhê – want die mens het die reg daartoe!

Bronne:

• BHA. 2014. Humanist. British Humanist Association. Aanlyn beskikbaar: https://humanism.org.uk/

• Cohen, R. 2012. Human Right Progress in North Korea: Is it Possible? 38 North. Aanlyn beskikbaar:

• http://38north.org/2012/03/rcohen032012/

• FHR. 2014. Foundation for Human Rights. Aanlyn beskikbaar:http://www.fhr.org.za/

MAG EK AS CHRISTEN STAAK?

Geskryf deur: Nico Snijder

Die werknemers

In ons land is stakings baie algemeen. Werknemers staak enige tyd as hulle nie met die besluite van hul werkgewers saamstem nie. Vakbonde stook werknemers op om vir hul regte te staak. Baie mense word gedwing om te staak al is dit teen hul wil.

Die vraag is dan: mag Christene staak? Mag ons ons sê sê deur in die strate rond te loop met plakkate en mikrofone om so ons saak te stel? Mag ons weier om werk toe te gaan omdat jy nie saamstem met die besluite van jou baas nie? Die antwoord hierop is doodeenvoudig: Nee. Wanneer jy staak, dwing jy jou werkgewer om jou salaris te verhoog deur hom skade te berokken. Die Heidelbergse Kategismus leer ons in antwoord 111: “Ek moet die belange van my naaste (my werkgewer ingesluit) waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê mense my moet behandel.” Om te staak is ook ‘n oortreding teen die agtste gebod. Jy oortree ook die vyfde gebod deur nie die mense wat bo jou aangestel is te gehoorsaam nie.

Om te staak is ook nie hoe ‘n Christen se gesindheid moet wees nie. Ons as gelowiges besit twee wapens, naamlik die Woord en die gebed. In een van Luther se tafelgesprekke kom die krag van die gebed na vore. Hy sê: “Watter goeie saak daar ook al gebeur, dit ontstaan en word tot stand gebring in die weg van die gebed. Daar is teen niks ter wêreld enige ander middel as die gebed nie. Die gebed is Christianorumbombarda (=swaargeskut van die Christene).” Ons kan die saak waarmee ons nie saamstem nie, voor God bring en Hy sal jou help om die regte ding te doen. Hy kan jou ook deur moeilike tye help.

Die werkgewers

Tog het die werkgewers ook ‘n groot verantwoordelikheid. Daar is natuurlik gevalle waar die werkgewers die werknemer uitbuit en

te min betaal vir die werk. Maar dan moet ons as Christene nog steeds nie staak nie, maar 'n vreedsame manier kry om die saak op te los. Ons moet met die werkgewers gaan praat en nie staak nie.

Belasting

Daar is nog 'n vraag waaroor ons baie keer twyfel. Mag ons weier om belasting te betaal wanneer die regering die geld verkeerd aanwend, en wanneer hulle die geld vir hulle eie belang gebruik? Christus gee vir ons 'n goeie voorbeeld. Hy sê in Markus 12:17: "Betaal aan die keiser wat die keiser toekom." Ook in Mattheus 17:27 sê Jesus dat ons hulle geen aanstoot mag gee nie en belasting moet betaal.

As ons nie belasting betaal nie oortree ons die agtste gebod wat sê: "Jy mag nie steel nie." Dit is ook in stryd met wat daar in Romeine 13: 1 en 2 staan:

> "Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang."

Ons moet altyd onthou dat die staat verantwoordelik is vir wat hulle met ons geld doen. Hulle gaan eendag verantwoording doen voor die troon van God, en nie ons nie. Daarom moet ons belasting betaal, al gebruik hulle dit vir 'n verkeerde doel.

Dus, as daar probleme by die werk is, bid vir krag en gaan praat met die werkgewers. Moenie staak nie. Betaal ook jou belasting, al word dit vir 'n verkeerde doel gebruik. God gee ons die opdrag om die staat te gehoorsaam.

Bronne:

- http://biblegateway.com/passage/
- http://www.biblegateway.com/
- http://www.gospel.com/topics/tax
- https://groups.yahoo.com/

IS GODSDIENSVRYHEID REG?

Geskryf deur: Arie Roos

> "En dit is nie alleen hulle (die regering) taak om ... nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel."

Hierdie sin in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n baie omstrede sin in vandag se tyd; 'n tyd waar godsdiensvryheid 'n sleutelelement is in dit wat ons van ons wetgewing verwag.

Daar is verskillende maniere om hierdie sin te interpreteer.

Die verkeerde interpretasie

Die manier waarop die meeste mense die sin verstaan wanneer dit vir die eerste keer gelees word, is as volg: "Dit is die regering se taak om die heilige Woordbediening te beskerm, **en** alle afgodery en valse godsdiens te vernietig, die ryk van die antichris te vernietig en die Koninkryk van Christus te bevorder."

Dit is glad nie wat daar staan nie, so dit is *obviously* 'n verkeerde interpretasie. Dit is ongelukkig wel wat die meeste mense verstaan wanneer hulle artikel 36 lees. Kom ek brei bietjie uit oor hoekom die verkeerde interpretasie so gevaarlik kan wees.
Verbeel jouself die volgende situasie: Jy sit een Sondagoggend in die kerk. In die middel van die diens storm vyf gewapende mans in en jaag almal

uit die kerk uit. Wanneer almal buite is, word die kerk afgebrand. ‘n Man wat belangrik lyk begin hardop ‘n dokument lees: “In die Gereformeerde Republiek van Suid-Afrika is dit onwettig om as kerk bymekaar te kom sonder om die reëls van die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na te kom!” Hierdie is nou ’n baie denkbeeldige situasie, want die kanse dat Suid-Afrika ooit ’n Gereformeerde regering gaan kry, is baie klein.
Ek wil wel ’n prentjie skets van wat sou gebeur as ons ’n Gereformeerde regering het wat die omstrede sin in NGB artikel 36 verkeerd opneem en dit ernstig toepas. Wanneer dit ons eie kerk is wat deur so ’n tipe situasie benadeel sou word, dan is dit baie maklik om die nadele van die situasie in te sien.

Die regte interpretasie

Wanneer jy die omstrede sin in NGB artikel 36 mooi lees, sal jy oplet wat verkeerd is met die eerste interpretasie. Die omstredenheid van die sin kom in twee eenvoudige woorde: ‘om sodoende’. Let wel dat ek met die bespreking van die eerste interpretasie hierdie twee woorde vervang het met ‘en’. Dit maak ’n groot verskil, want die opdrag van die NGB aan die regering is nie om alle afgodery en valse godsdiens te vernietig, die ryk van die antichris te vernietig en die Koninkryk van Christus te bevorder nie. Die opdrag is slegs om “die heilige Woordbediening te beskerm.” Die res is ’n verwagte uitkoms van die opdrag, en ook die rede hoekom die regering die heilige Woordbediening moet beskerm.

Hoe moet die regering die heilige Woordbediening beskerm?

Dit is dus duidelik dat die NGB die regering nie spesifiek opdrag gee om afgodery te vernietig nie. Die vraag is nou: Wat beteken dit om die heilige Woordbediening te beskerm? Ons moet in gedagte hou dat die regering uit mense bestaan wat per definisie sondig is. Die regering se idee van ’n heilige Woordbediening verskil dus noodsaaklik van God se idee van heilige Woordbediening. Dit sou dus verkeerd wees van die regering om een vorm van Woordbediening te beskerm terwyl dit ander vorme van Woordbedienig benadeel.

In sy Institusie deel Johannes Calvyn die regering op in drie dele: Die regering wat die wet moet toepas, die wet, en die bevolking wat die wet moet gehoorsaam. ‘n Mens kan dus redeneer dat die beskerming van die heilige Woordverkondiging ‘n verantwoordelikheid is wat lê by die wet. Die wet moet die heilige Woordverkondiging beskerm van regeringsamptenare wat hulle eie idee van woordverkondiging wil afdwing. Die enigste manier om dit te doen, is deur middel van ‘n wet wat voorsiening maak vir godsdiensvryheid.

Wat van ander gelowe?

Godsdiensvryheid is baie groter as om verskillende Christelike kerke toe te laat om aan te gaan met hulle kerkdienste en Woordverkondiging. Wat van Moslems, Jode en ander gelowe? Moet die regering toelaat dat moskees en sinagoges gebou word?

Gestel nou ons het ‘n Moslemregering. In die Moslemstaat van Suid-Afrika is dit onwettig om nie Moslem te wees nie. Dan word die Christene, Jode, ateïste en ander gelowe vervolg. Watter beeld sal dit uitstraal van die Islam? Sal jy ‘n Moslem wil word? As jy ‘n Moslem word om vervolging te vermy, sal jy opreg in Allah glo? Natuurlik nie. Hoekom sou dit dan anders wees as ’n Christelike regering ander gelowe vervolg? So wat is die beste manier om die heilige Woordverkondiging te beskerm?

In Lukas 6:31 leer Christus ons: “En soos julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.” As Christene wil hê dat die Moslemregerings hulle nie moet vervolg nie, moet die Christelike regerings hulle ook nie vervolg nie. En vervolging sluit in om voordele aan Christelike kerke te gee en dieselfde voordele van moskees te weerhou. So dit is heeltemal reg vir die regering, selfs ‘n Christelike regering, om moskees toe te laat en dieselfde belastingvoordele aan hulle te verleen as aan kerke.

Nie net is godsdiensvryheid ’n goeie konsep in sekulêre etiek nie, maar ook in ’n Christelike denkwyse is godsdiensvryheid noodsaaklik. Dit is die beste manier om die heilige Woordbediening te beskerm en dit is ook ons Christelike plig om nie ander gelowe te vervolg nie.

MORELE DILEMMAS EN BESLUITNEMING

Geskryf deur: Jakob Mars

Almal van ons is onderworpe aan sekere wette en reëls. Aan die een kant moet ons onsself onderwerp aan die grondwet en aan die ander kant doen wat God van ons wil hê.

Die regering gaan as volg om met religieuse groepe: 'Hierdie is ons wette. Doen daarmee wat julle wil, solank as wat daar aan ons wette gehou word.' Die grondwet is dus die raamwerk van jou lewe en jy kan die raamwerk invul, hoe en met wat jy wil, solank jy jouself binne hierdie raamwerk hou. Ons as Christene sien weer die Bybel as die raamwerk, en die grondwet as die manier waarop ons ons lewe kan invul. Alles wat binne die raamwerk is, is dinge wat ooreenstem met die Bybel, en alles daarbuite is dinge wat God nie van ons wil hê nie en daarom hou ons onsself nie daarmee op nie.

Byvoorbeeld, homoseksuele huwelike en aborsie val dus buite die raamwerk, en die wet op moord en diefstal val binne die raamwerk.

Bogenoemde is egter aspekte waarmee die meeste Christene klaar gekonfronteer is. Ons geloof word nie in die samelewing verbied nie, en ons kan, ten spyte van 'n hele paar wette waarmee ons nie saamstem nie, nog steeds ons geloof uitleef.

Neem in ag dat die oorspronklike tema van hierdie artikel 'Die grondwet is bo God verhewe' was, maar dit is sinneloos om bv. te bespreek of egbreuk reg of verkeerd is, aangesien daar min Christene sal wees wat egbreuk sal goedpraat.

Ek wil dus die fokus verskuif van soliede wette waarmee ons saamstem of nie, na morele dilemmas.

> "God het vir hom (Abraham) gesê: Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys." (Genesis 22:2)

Om te sien hoe die mens (Christen of nie) met morele dilemmas omgaan, oorweeg gerus die volgende filosofiese uitkyke op moraliteit. Neem in ag dat dit nie noodwendig uit 'n Christelike oogpunt is nie:

Morele absolutisme: Dit is die prinsiep dat daar slegs 'n reg en verkeerd is. Daar is nie grade van reg of verkeerd nie. Moord is óf reg, óf verkeerd, en net so is lieg óf reg, óf verkeerd.

Gegradeerde absolutisme: Dit is die prinsiep dat nie alle goeie dade ewe goed is nie. Goeie dade word gegradeer op die gevolge daarvan. Op 'n skaal waar om 'n lewe te red meer goeie gevolge het as om die waarheid te praat, word dit dus as moreel beter aanvaar om te lieg as om 'n moord te pleeg.

Die derde alternatief: Dit het te doen met die 'Barmhartige Samaritaan'-dilemma waarin ons onsself elke dag bevind. As jy vir 'n bedelaar geld gee, kan hy een van twee dinge met die geld doen: hy kan dit gebruik om homself uit sy situasie te help, of hy kan dit gebruik om homself dieper daarin te wortel. Die derde alternatief is om vir hom brood te gee.

Beginsel van die dubbele effek: Hierdie beginsel word gebruik in situasies waar 'n enkele aksie 'n negatiewe en positiewe effek gaan hê. Die positiewe effek moet dan die doel wees van die aksie, met die negatiewe effek slegs as 'n gevolg. Die meeste Christelike dokters het 'n morele beswaar teen die uitvoer van aborsies. Tog sal hulle dit doen as die moeder se lewe in gevaar is. Die aborsie is dan nie die doel van die aksie nie, maar die gevolg, met die redding van die moeder se lewe as die doel.

Konsekwensialisme: Die doel heilig die middel. Die verskil tussen konsekwensialisme en die beginsel van die dubbele effek is dat by eersgenoemde 'n aksie nie 'n negatiewe effek gaan hê nie, maar dat die aksie in sigself negatief is met 'n positiewe doel. Voedsel steel om 'n gesin nie te laat verhonger nie, is 'n voorbeeld hiervan.

Deontologiese etiek: Dit is die teenoorgestelde van konsekwensialisme. Die aksie moet altyd moreel reg wees, ongeag van die uitkoms daarvan.

Goddelike bevel teorie: Dit sluit aan by deontologiese etiek. ‘n Aksie is nie in sigself moreel aanvaarbaar of onaanvaarbaar nie, maar is so omdat God so sê.

Maar wat help dit ons in die praktyk om al bogenoemde uitkyke te verstaan? Ons almal weet dat ons nie morele dilemmas kan oplos deur te kyk na hoe filosowe dit klassifiseer nie. Nee, maar wat ons wel hieruit kan sien is dat dit nie ‘n eenvoudige probleem is nie, aangesien die uitkyke wat ek genoem het, nog net ‘n fraksie van die bestaande filosofiese uitkyke is. Maar kan ons dit eenvoudiger maak? Kom ons kyk na ‘n paar alledaagse voorbeelde en of ons miskien een antwoord vir almal kan kry.

Hoe gaan ons om met die volgende situasies?

• Jou werkgewer verwag van jou om op ‘n Sondag te werk, anders kan jy bevordering in jou werksposisie verloor.

• Jy bly stil wanneer God se Naam ydellik gebruik word.

• Jy moet jou naaste liefhê, al is daar sekere groepe mense of individue van wie jy meer as net ‘n afkeur het.

• Hoe gaan ons om met die verkiesing van politieke partye? Kies ons vir ‘n party omdat hulle die grootste logiese kans staan om die huidige party oor te neem, al stem ons nie saam met al hulle beginsels nie? Of stem ons vir ‘n party wat glad nie ‘n logiese kans staan om die huidige party oor te neem nie, maar tog is hul beginsels Christelik gegrond?

Vir hierdie alledaagse voorbeelde is dit maklik om ons gewete te sus deur Bybelverse wat misinterpreteer word. Maar tog weet ons dat daar vir elke voorbeeld ‘n antwoord is van wat God van ons wil hê.

God háát wantroue in Hom. Hy straf Israel omdat hulle bang was vir die reuse in die beloofde land (Numeri 14), en Saul verloor sy koningskap toe hy nie vir Samuel kon wag vir die offer nie (1 Samuel 13). Die Bybel is vol van voorbeelde waar daar liewer op selfberaamde plannetjies vertrou word as op God. Kom ons kyk weer na Abraham. Abraham kon vir God gesê het: “Maar dit sal moord wees, Here, en U het ‘n afkeer van moord!” In die verhaal waar Abraham vir Isak moes offer, kom ons egter nie een keer wantroue by Abraham teë nie. So ‘n mate van vertroue in God het geen gelyke nie.

Om morele dilemmas op te los moet ons oppas om die Bybel as ’n vinnige antwoordboek te gebruik om te kyk wat ons moet doen of wat God van ons wil hê. Ons moet die Bybel gebruik soos wat dit aan ons gegee is: ‘n liefdesbrief van God waardeur Hy Homself aan ons openbaar sodat ons Hom kan ken. Slegs as ons God ken en sy Heilige Gees deur ons werk, sal ons vertroue in Hom groei. En volledige vertroue in God is waarop besluitneming neerkom.

DOODSTRAF

Geskryf deur: Juan de Bruijne

As ek aan die doodstraf dink, dink ek aan die ou dae toe mense vir moord gehang is of voor 'n *firing squad* moes staan en heeltemal geblinddoek wees terwyl hy net daar en dan doodgeskiet word.

Deesdae word mense wat tot die doodstraf gevonnis word, deur middel van 'n spuitnaald wat gifstowwe in die liggaam van die veroordeelde spuit, doodgemaak.

Die gifstowwe is natrium thiopental wat die persoon aan die slaap maak, pankuronium bromide wat sy diafragma verlam sodat hy ophou asemhaal, en dan kom kaliumchloried wat die hart laat stop.

Ek het nou die dag 'n artikel gelees oor die argumente vir en teen doodstraf. Hier volg hulle:

Teenargumente:

• Mense wat tot die doodstraf geoordeel word, leer niks uit hulle foute nie. Hulle kry nie die kans om hulle foute reg te maak of om te verander nie. Hulle lewe word van hulle ontneem sonder om hulle 'n kans te gee.

• 'n Mens kan sê dat die skuldige so 'n straf verdien het, maar die doodstraf is altyd wreed, al voel die persoon ook hoe min pyn. Daar was nog nooit iemand wat na sy dood vir ons kon vertel of die doodstraf pynlik was of nie. Daar kan altyd iets verkeerd loop, soos met ene John Wayne Gacy. Hy is tot die doodstraf gevonnis, en het die eerste twee inspuitings ontvang wat hom laat slaap en dit vir hom onmoontlik gemaak het om asem te haal. Maar daar was fout met die laaste inspuiting, en hy het verskriklik gely in die tyd wat die inspuiting verander moes word. Dit het 18 minute gevat vir hom om dood te gaan, terwyl die normale dood 7 minute duur.

• Die doodstraf word gesien as 'n uiting van primitiewe wraak. Vir die moderne mens is menseregte baie belangriker: "Almal het die reg op lewe." Dit is duidelik 'n humanistiese gedagtegang.

• Maar dieselfde redenasie word gebruik deur mense wat die Bybel as uitgangspunt gebruik. Niemand, so redeneer hulle, het die reg om iemand anders se lewe te neem nie. In die Ou Testament was die doodstraf 'n aanvaarbare wyse om die reg te beskerm, maar in die Nuwe Testament staan sake anders. Ons moet ons naaste liefhê soos onsself, ons moet vergewingsgesind wees en vol sagmoedigheid.

• Die doodstraf is té finaal. Dit kan nie ongedaan gemaak word nie. Die regstelsel is nie foutloos nie en indien iemand verkeerdelik tereggestel word, kan die fout nie reggestel word nie.

Argumente ten gunste van die doodstraf:

• Die doodstraf is die grootste en sterkste waarskuwing wat daar is. Watter normale persoon sal nou so 'n waarskuwing ignoreer? Mense se grootste vrees is gewoonlik 'n vrees vir die dood.

• As 'n dief by 'n huis inbreek en hy weet dat doodstraf sy voorland is as hy iemand vermoor, sal hy miskien net by steel hou en nie onnodig iemand se lewe neem nie.

• Vir die familie van 'n moordslagoffer is die omstandighede verskriklik pynlik. Om die moordenaar tot die dood te vonnis is 'n meer gelyke straf as wat hy tronk toe gestuur word waar hy die kans staan om vir goeie gedrag vroeër op parool vrygelaat kan word. Dit bied die familie 'n meer tevrede gevoel as hulle weet hy sal niemand anders ook nog van hulle lewe kan ontneem nie.

• Die beste verantwoording vir moord is immers die dood self.

In artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely ons dat ons gehoorsaam sal wees aan die owerheid omdat die Here hulle oor ons aangestel het om die orde te hou. Die reg alleen besluit of iemand die doodstraf verdien of nie en ons as mense onder die reg moet dit respekteer en gehoorsaam. Die Here verbied ons nie om ons eie opinies te hê nie, maar Hy gebied ons wel om aan die owerheid gehoorsaam te wees.

MOET DIE DOODSTRAF WEER INGESTEL WORD?

Die debat oor die doodstraf is op die oomblik baie aktueel in Suid-Afrika. En dit is verstaanbaar. Die onlangse vlaag van wreedaardige aanvalle op veral vrouens en kinders laat die emosies hoog loop. Tydens Radio Sonder Grense se program 'Monitor' het die luisteraarsvraag 'n paar weke gelede gehandel oor die wenslikheid al dan nie van die doodstraf. Die reaksie was oorweldigend; 92 000 mense het ingeskakel (2 500 reaksies was voorheen die rekord). 99% van die respondente het gesê dat die doodstraf weer ingestel moet word.

Dit wil voorkom asof misdadigers vrye teuels het; asof hulle maar kan voortgaan met roof, verkragting en moord sonder om gevang te word! En die meerderheid van dié wat wel gevang word kom baie lig daarvan af as gevolg van 'n oorlaaide en oneffektiewe regstelsel (na raming kom net ongeveer 10% van alle geweldsmisdaad by strafoplegging uit).

Baie wetsgehoorsame burgers glo dat daar nie genoegsame afskrikmiddels vir hierdie misdadigers is nie. Daarom wil hulle hê dat die doodstraf heringestel moet word. Die regering skop egter handeviervoet vas. Suid-Afrika het die mees liberale grondwet ter wêreld en in so 'n samelewing is daar geen plek vir die mensonterende en wreedaardige doodstraf nie.

Bybelse perspektief

Die debatte rondom die doodstraf is dikwels baie emosioneel. Dit kan ook moeilik anders wanneer jy sien hoe die slagoffers en hulle naasbestaandes deur geweldsmisdade getraumatiseer en baie keer vir hulle lewe lank geskend is. Wat is ons mening as Christene oor hierdie saak? Hoe reageer ons? Min van ons sal waarskynlik met plakkate voor die parlement gaan betoog. Maar is ons gesprekke nie ook dikwels meer gedryf deur emosies as deur wat God sê nie? Wat sê Hy in sy Woord oor die doodstraf?

Daar is veral 2 tekste wat aandag verdien:

> "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak." (Genesis 9:6)

Die beeld van God wees bestaan daarin dat Hy die mens aangestel het om oor die skepping te heers, dit te bewerk en op te pas (Genesis 1: 28). Verder behoort die mens die deugde van God te weerspieël. Dit is 'n gebod van God; wie hom aan die mens as beeld van God vergryp, moet daarvoor boet. Hierdie bepaling is voor die ontstaan van Israel as volk gegee en is daarom universeel en vir alle tye en volke bedoel. Genesis 9:6 handel hoofsaaklik oor die sogenaamde bloedwraak. Hiervolgens was familielede verplig om die gewelddadige dood van 'n geliefde te wreek in 'n tyd waar die regstelsel nog nie behoorlik ontwikkel was nie.

Daar is verskeie tekste in die Ou Testament waar ons lees dat die doodstraf ook vir die volk Israel van toepassing was (vgl. Eksodus 21:12; Levitikus 24:17; Numeri 35:16-21). Die Bybel is dus positief oor die doodstraf in die Ou Testament. Maar wat van die Nuwe Testament? Is alle Ou Testamentiese wette vervul in Christus? Mag ons die doodstraf vandag nog as 'n aanvaarbare straf sien?

> "Want die owerheid is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf." (Romeine 13:4)

Die gelowiges mag hulself nie wreek nie (Romeine 12:19). Bloedwraak is nie meer geoorloof nie. Die owerheid as onpartydige instansie is nou aangestel om die slegte dade te straf en só die orde te handhaaf. Die uitspraak dat die owerheid die swaard dra, kon vir die mense in Rome net een ding beteken, en dit is dat hy die reg het om met die dood te straf. Die swaard is in daardie tyd juis vir dié doel gebruik (vgl. Jakobus se dood in Handelinge 12:2). Die "swaard" van die owerheid is simbool van straf en dit sluit die doodstraf in. Daarby stel Paulus dit duidelik dat die owerheid sy gesag by God gekry het. Ook die bevoegdheid om die swaard te gebruik, om die doodstraf op te lê, het die owerheid van God ontvang. Ook daarin is hy dienaar van God.

Paulus sê nog meer: die owerheid dra die swaard nie verniet nie. Hy het nie slegs die bevoegdheid om kwaaddoeners te straf nie, hy het ook die

verantwoordelikheid en plig om dit te doen. As die owerheid iemand wat straf verdien, nie werklik straf nie, kom sy verantwoordelikheid as dienaar van God in gedrang.

Daarmee probeer ons nie sê dat die doodstraf altyd in alle gevalle opgelê moet word nie. In die Ou Testament is daar verskeie voorbeelde hiervan. Kain het vir Abel doodgeslaan; ons weet nie waarom God sy lewe gespaar het nie. Moses het 'n Egiptenaar doodgeslaan en tog is hy nie daarvoor gestraf nie. Miskien het hy nie bedoel om moord te pleeg nie en dat dit eerder as strafbare manslag beskou moet word? Koning Dawid pleeg owerspel en moord. Vir beide misdade kon hy met die dood gestraf word. Hy is wel gestraf maar nie met die dood nie.

Wanneer wel en wanneer nie?

In die Ou Testament was die doodstraf van toepassing op ongeveer 20 oortredings wat in vier kategorieë verdeel kan word:

1. Moord
2. Religieuse misdade (Godslastering en afgodery)
3. Seremoniële misdade soos Sabbatsontheiliging
4. Morele misdade (egbreuk, bloedskande, menseroof)

Israel was 'n teokrasie; staat en kerk was een. Vandag is dit nie meer so nie. Ons glo dat die Mosaïese wette met die koms van Christus vervul is. Daarom is die doodstraf nie meer van toepassing op die sogenaamde religieuse, seremoniële en morele misdade nie.

Moord is egter 'n perd van 'n ander kleur. Ons het reeds gesien dat die universele gebod van Genesis 9:6 relevant is vir alle volke en tye. Moord moet met die doodstraf gestraf word juis omdat dit 'n misdaad is wat die mens as beeld van God skend.

Myns insiens laat dit ons wel met 'n dilemma. Alhoewel die Mosaïese wette vervul is met Christus se koms, is hulle tog aan ons oorgelewer tot lering. Wat leer die Skrif ons aangaande die ander kategorieë halsmisdade? Watter straf behoort bv. toegedien te word by verkragting? By so 'n gruwelike misdaad word die mens as beeld van God tog ook geskend! Sou ons samelewing nie 'n baie beter plek gewees het indien die doodstraf op meerdere misdade van toepassing was nie? Dit is interessant om daarop te let dat die doodstraf nog wel van toepassing is op bogenoemde misdrywe in die meeste Moslemlande.



Gevolgtrekking

Dit is die regering se taak om 'n ordelike samelewing daar te stel om sodoende die lewe en vryheid van sy burgers te verseker. Ons het reeds gesien dat die Bybel positief praat oor die doodstraf. Daarom behoort daar in 'n gesonde samelewing plek te wees vir die doodstraf.

Eerstens vanweë die **vergeldingsmotief**. As iemand gewelddadig lewe en ander mense die lewe ontneem, is dit niks anders as regverdig dat daar ook op dié wyse teenoor hom opgetree sal word (vgl. Matteus 7: 2).

Dan is daar ook die **voorkomingsmotief**. Baie geweld en doodslag kan voorkom word indien die doodstraf as afskrikmiddel gebruik word.

'n Laaste belangrike oorweging is die **beskerming van die onskuldiges.** Die Here het die regering die opdrag gegee om wet en orde te handhaaf. Hy het die doodstraf gegee, nie om ontslae te raak van 'n paar slegte mense nie, maar om die lewe van onskuldiges te beskerm.

Voorbede

Laat ons daarom bly bid dat die regering mag insien hoe goed God se wet vir die samelewing is. Laat ons hulle bly oproep om die doodstraf met wysheid te begin gebruik om sodoende ons land 'n veiliger plek te maak, sodat "ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid." (1 Timoteus 2:2)

Verwerkte artikel van G. Klapwijk. Vir die volledige artikel, besoek www.christelikebiblioteek.co.za.

HOEKOM MOET EK AS CHRISTEN VIR DIÉ PARTY STEM?

Die volgende is bydraes van twee politieke partye nadat ek aan hulle 'n e-pos gestuur het waarin ek gevra het om die volgende vraag te beantwoord: "Waarom moet ek as Christen vir jou party stem?" Ek het dieselfde e-pos aan 'n aantal partye gestuur, maar net die Vryheidsfront Plus en die ACDP het daarop gereageer, en daarom verskyn die bydraes van slegs dié twee partye.

Vryheidsfront Plus

Twee lede van die party het op my vraag gereageer.

Wouter Wessels, LPW
Lid van Vrystaat Wetgewer
Nasionale Jeugleier

Die VF Plus is 'n politieke party wat glo dat 'n persoon se Christenskap as eerste prioriteit in sy/haar lewe ook sy/haar politieke keuse, standpunte en handelinge moet voorskryf. Ons glo dat Christenskap nie goedkoop gemaak moet word om stemme te werf nie, maar dat ons politiek ondergeskik aan ons Christenskap gestel moet word.

Die VF Plus se grondwet erken God Drie-enig as die enigste beskikker oor die lotgevalle van mense en volke. Ons open alle vergaderings en sametrekke dus met skriflesing en gebed – nie omdat ons grondwet dit bepaal nie, maar omdat ons werklik glo dat ons deur God geroep is om as 'n politieke party en as politici, as God se dienaars, sy saak te bevorder.
As politici – parlementslede, wetgewerslede, stadsraadslede – handel ons volgens God se Woord om besluite te neem. Ons het daarom, byvoorbeeld, in die parlement téén die wettiging van aborsies gestem. Ons is terloops slegs een van twee partye in die parlement wat teen hierdie wet gestem het (die ander, die ACDP).

Toets die VF Plus ook aan ons daaglikse handel. Ons hou byvoorbeeld geen vergaderings of aksies op 'n Sondag nie. Die leier van die VF Plus, dr Pieter Mulder, het die feit dat hy nie vergaderings op 'n Sondag bywoon nie, as een van sy voorwaardes vir die aanvaarding van die adjunkministerspos aan president Zuma gestel.
Almal het die reg om te stem. Ek glo egter dat elke reg met 'n verantwoordelikheid gepaardgaan en dat, veral as Christene, dit ons verantwoordelikheid is om onsself te vergewis van waarvoor presies 'n politieke party staan, alvorens ons stem.

Jaco Mulder, LPW
VF Plus leier Gauteng

• Die VF Plus is 'n politieke party met die Christelike geloof as vertrekpunt.
• Ons dra graag ons geloofsbeginselgrondslag ook in die raadsale van Suid Afrika in omdat dit die plek is waar wetgewing gemaak word en besluite geneem word wat almal raak, ook Christene.
• In praktyk is ons kantore ook jaarliks gesluit onder meer op Hemelvaartsdag, en ons neem nie aan kongresse en sittings deel op Sondae nie.
• Alhoewel alle Cristene nie oor die kwessies saamstem nie, is die party op rekord dat ons in die parlement teen die wet op gay huwelike gestem het, asook teen wetgewing wat die uitvoer van aborsies makliker maak.

Ons beskou onsself as vaandeldraers van ons geloof en waardestelsel van ons lede en ondersteuners, en wil graag 'n bydrae lewer om die waardestelsel wat nie meer deur die regering van die dag beskerm word nie, te laat voortleef ook in die openbare lewe.

African Christian Democratic Party

Steve Swart
ACDP LP

REASONS TO VOTE FOR THE ACDP

The African Christian Democratic Party brings to South Africa hope for a strong, healthy, prosperous and purpose-driven nation. We stand for Christian democratic principles and recognise that vibrant, healthy families are the building blocks of a thriving, value-based society. We want to provide reliable, trustworthy leaders who are passionate about addressing the needs and improving the lives of all South Africans. We value unity and diversity and are committed to protecting freedom of religion and family integrity. We want to see a genuine transformation and renewal in our country that is modelled on value-based norms such as integrity, justice, honesty and respect. Without these, we will not see the restoration of the moral compass of our nation.

To boost employment, reduce poverty and achieve annual economic growth of 7%, the ACDP will ensure that the State provides the enabling environment for business to grow the economy faster and create more jobs. The State should provide the necessary infrastructure, a professional public service and good education and vocational training to ensure the necessary skills base needed for a growing economy.

The ACDP will address poverty and inequality through an increased social wage, resulting in rising employment and higher earnings. We want to discourage ongoing dependency on the State in the medium to long-term by job creation through sound economic policies. We will increase the number of social workers and community development workers to respond to the need for better welfare services.

Violent crime is rampant in South Africa because perpetrators are not swiftly apprehended, tried, convicted and sentenced. Corruption is stealing our country's future. To address this, the ACDP will, among other things, implement a zero-tolerance anti-crime strategy as well as reintroduce the Scorpions and strengthen the Auditor-General,

Public Protector, SAPS, Special Investigating Unit, Asset Forfeiture Unit, and National Prosecuting Authority and ensure that these institutions are properly staffed and resourced, and protected from political interference.

The ACDP supports programmes, activities and initiatives that seek to strengthen and promote healthy families. Preventative primary healthcare and good nutrition is the cornerstone of the ACDP's Health Policy. We will also improve public hospital services and ensure better equipped and properly remunerated medical staff.

We will amend laws and policies such as access to contraceptives and abortion by children without

parental consent; inappropriate sex education in schools; attempts to ban moderate parental chastisement and legalise prostitution; and the legislation of pornography and abortion-on-demand.

Olga Meshoe
ACDP Youth leader

WHY EVERY YOUNG SOUTH AFRICAN SHOULD VOTE FOR THE AFRICAN CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY

Will I get a job after studying? Can I start my own business that will survive and be profitable? For how much longer will crime keep my friends and I from being able to walk in the streets freely; not being fearful of getting robbed or raped? Is South Africa a place in which I would like to raise a family one day? These are just some of the many questions that young people ask on a daily basis.
The African Christian Democratic Party (ACDP) brings to South Africa hope for a strong, healthy, prosperous and purpose-driven nation.

In answer to questions such as the above, the ACDP will take the following actions (amongst other things):

1. to boost employment, reduce poverty and achieve annual economic growth of 7%, the ACDP will ensure that the State provides the enabling environment for business to grow the economy faster and create more jobs;

2. to address rampant crime and corruption, the ACDP will, among other things, implement a zero-tolerance anti-crime strategy, review the parole system and deny bail for certain categories of crime such as murder, rape, armed robbery and car hijacking and broaden prison labour programmes where prisoners will learn various skills and contribute to the cost of their board and lodging;

3. to encourage a sense of community (looking after each other and helping each other to build quality livelihoods), the ACDP will increase the social wage (necessary in the short term to address poverty and inequality) and discourage ongoing dependency on the State in the medium to long term by job creation through sound economic policies.

The ACDP is appreciative of the fact that healthy families are the building blocks of a strong, value-based society. To this end the ACDP will support programmes, activities and initiatives that seek to strengthen and promote strong, healthy families.

Given the chance, the ACDP will provide reliable, trustworthy leaders who are passionate about addressing the needs and improving the lives of all South Africans. We value unity and diversity and are committed to protecting freedom of religion and family integrity. We want to see a genuine transformation and renewal in our country that is modelled on value-based norms such as integrity, justice, honesty and respect. Without these, we will not see the restoration of the moral compass of our nation.

The ACDP thus calls on all young South Africans to vote for the ACDP on the 7th of May. The ACDP presents hope for a great future.

Bybelse Aangeleenthede Kiesersgids 2014

"Maar kies uit die hele volk bekwame manne wat God vrees, betroubare manne wat onregverdige wins haat. En stel die aan oor hulle: owerstes oor... " Exodus 18:21

Toestemmingom te herdruk word verleën en aangemoedig

DIE KWESSIE	SKRIF	ACDP	ANC	CDF	COPE	DA	VF+	IFP
Erkenning van God Almagtig in die Konstitusie	"Gelukkig is die nasie wie se God die Here is..." Psalm 33:12	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee	Ja	Nee
Teen Aborsie	"Red die wat na hulle dood toe gesleep word..." Spreuke 24:11	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee	Ja	Nee
Opvoeding: Deur ouers beheer & vir Godsdiensvryheid	"En Vaders... maak hulle (kinders) groot met tug en vermaning soos die Here dit wil" Efesiers 6:4	Ouer	Staat	Ouer	Staat	Staat/ Ouer	Ouer	Staat/ Ouer
Vir Vrye Mark (Teen Sosialisme)	"Jy mag nie steel nie... Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie..." Exodus 20:15-17	Ja	Nee	Ja	Nee	Ja	Ja	Ja
Pro-doodstraf vir Moordenaars	"Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word." Genesis 9:6	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee	Ja	Nee
Pro-selfverdediging (Vuurwapeneienaarskap)	"'n troebel fontein en 'n vuil bron, so is die regverdige wat wankel voor die goddelose." Spreuke 25:26	Ja	Nee	Ja	Nee	J/N	Ja	Nee
Staan Homoseksuele "huwelike" teë	"Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet gedood word." Levitikus 20:13	Ja	Nee	Ja	Nee	Nee	Ja	Nee
Staan Rassediskriminasie teë (Affirmative Action)	"Net een wet moet daar vir julle wees – die vreemdeling moet soos die kind van die land wees." Levitikus 24:22	J/N	Nee	Ja	Nee	Nee	Ja	Nee

Sesde uitgawe

Vir dokumentaasie aangaande hierdie en ander politieke party se standpunte en reaksies op **Christian Action Network** se Beleidspunte Opname besoek www.SAvotersguide.org. Ander politieke partye sal ook op die stembriewe voorkom. U is welkom om hulle direk te kontak vir hulle beleidspunte op hierdie en ander bybelse aangeleenthede. Vir verdere besonderhede oor Bybels beginsels, stel ons voor dat u 'n kopie van die **Bybelse Beginsels vir Afrika** boek bekom van **Christian Action Network**: 021 - 689-4481, info@christianaction.org.za, Website: www.christianaction.org.za.

Postbelydeniskamp

Die volgende lesings en werkswinkels is aangebied by die jaarlikse postbelydeniskamp wat op 28 Februarie en 1 Maart gehou is. Die tema van hierdie jaar se kamp was die opkomende verkiesing.

WAT GAAN ONS STEM IN DIE KOMENDE VERKIESING?

Aangebied deur: Oom Willie Spies

Suid-Afrikaners gaan op 7 Mei vir die vyfde keer sedert 1994 na die stembus om te stem vir lede van die nasionale vergadering en nege provinsiale wetgewers. Die verkiesing raak almal en het die afgelope drie maande die nuus oorheers.
Die sentimente wat in ons kerkgemeenskap vaardig is, kan hoofsaaklik soos volg opgesom word:

• **Stem vir die regering.** Hierdie mening geld sterk in veral ons sendinggemeentes. In die *townships* verteenwoordig die ANC die stem van gematigdheid. Die regering het oor die algemeen infrastruktuur-ontwikkeling na die *townships* uitgebrei en oor die algemeen lyk woonareas soos Mamelodi en Soshanguve vandag beter as twintig jaar gelede – vandaar die lojale steun.

• **Stem vir die sterkste opposisie of mees effektiewe alternatief.** Hierdie mening voer die botoon onder veral wit, bruin en Indiërkiesers. Oor die algemeen verskil die waardesisteem van die regerende party sodanig van dié van minderheidsgroepe dat minderhede instinktief die mees waarskynlike opponent vir die ANC, naamlik die DA, ondersteun.

• **Stem vir 'n party met 'n Christelike beleid.** Hierdie mening figureer ook sterk in ons kerkgemeenskap. Die benadering is veel meer prinsipeel en die uitgangspunt is om vir 'n party te stem wat Christelike waardes verwoord en euwels soos aborsie, sedelike verval en sekularisme bestry. Die ACDP het daarin geslaag om homself die sterkste aan te bied as vaandeldraer van hierdie gedagterigting.

• **Stem vir 'n belangeparty.** Hier vind ons 'n party soos die VF Plus, wat uitgesproke Afrikanerbelange bevorder, maar op 'n manier wat soms die wenkbroue laat lig. Die party se leier, Dr. Pieter Mulder, het in 2009 'n regeringspos as adjunkminister aanvaar. Baie eertydse ondersteuners is sedertdien oortuig dat 'n oordrewe klem op 'belange' en 'n onvermoë by leiers om eie belang van nasionale belang te onderskei, te dikwels daartoe lei dat belangepartye die slagoffers raak van hulle leiers se persoonlike ambisies.

• **Bly buite stemming.** Hierdie benadering is deur die regse HNP gevestig onder die nou reeds bekende slagspreuk "stem reg, bly weg". Die onderliggende filosofie van hierdie benadering is dat die bestaande grondwetlike bestel nie legitiem is nie omdat die regte van minderheidsvolke nie daarin verskans is nie. Die argument is dan dat die uitbring van 'n stem in so 'n bestel, neerkom op die legitimering daarvan.

Tydens 'n postbelydenis kamp vir jong belydende lidmate van die gemeentes Pretoria en Pretoria-Maranata wat onlangs gehou is, het ek tydens 'n voorlegging oor dieselfde onderwerp die deelnemers gevra om op 'n stembriefie eerstens aan te dui hoe hulle ouers stem, en daarna hoe húlle beplan om te stem.

Daar was veertig deelnemers. Op die eerste vraag van hoe hulle ouers stem, het die DA eerste gekom met 42,5% van die steun (17 stemme) en die ACDP 'n kortkop agter die DA met 35% (15 stemme).

Op die tweede vraag moes die deelnemers (almal jonger as 30 jaar) aandui hoe hulle self beplan om te stem. Hier het die DA 60% van die steun gekry (24 stemme) en die ACDP 20% (8 stemme) en die VF Plus 10% (4 stemme).

Steun vir politieke partye op post-belydeniskamp:



Dit lyk dus of die gedagte van steun aan 'n party met Christelike beginsels 'n gedagte is wat sterker deur ons ouer lidmate as deur die jongeres gesteun word. 'n Meer pragmatiese benadering is dalk kenmerkend van die jonger geslag in ons kerkgemeenskap.

Maar waaroor gaan dit op 7 Mei?

Burgerlike protes

2014 beloof reeds om een van Suid-Afrika se gewelddadigste jare van burgerlike protes te wees. Die tendens van protes het sedert die begin van die jaar drasties versnel, met 'n gemiddeld van vier tot vyf proteste elke dag in verskillende streke van die land. Nege burgerlikes is reeds in 2014 deur polisie gedood.

Ons kan dus verwag dat groter spanning en geweld meer sinoniem kan raak met die politieke stryd wat voorlê.

Die politieke spektrum

Die politieke spektrum toon 'n algehele skuif na links, met kenmerke soos:

- Groeiende konflik tussen vakunies (NUM teenoor AMCU en NUMSA teenoor COSATU).
- Ontluiking van radikale linkse partye (EFF, WASP, Patriotic Alliance).
- 'n Moontlike ANC-skuif na links om radikale standpunte te probeer akkommodeer.
- Die DA se ondersteuning vir die regstellende aksie-wetsontwerp en die heropening van grondeise.

Te midde van die algehele verskuiwing na links in die openbare debat, kom die vraag toenemend na vore of die ANC meer of minder as 60% van die stemme gaan kry. As die ANC agteruitgaan, is die vraag of dit ten gunste van groter gematigdheid of ten gunste van groter linkse radikalisme gaan wees?

Christen-demokratiese partye

Politieke partye wat geposisioneer is in die Christen-demokratiese idee-raamwerk het nie 'n goeie rekord in Suid-Afrika nie. Afgesien van die nou reeds bekende statistiek dat 70% tot 80% van alle Suid-Afrikaners hulleself op sensusvorms as Christene identifiseer, weerspieël dié syfer nie in die ondersteuning van partye wat op Christelike beginsels fokus nie. In die afgelope vier nasionale verkiesings het politieke partye wat gewortel is in die sosialistiese tradisie 65% tot 70% van die steun gekry. Liberale en sosiaal-demokratiese partye se steun het tussen 20% en 25% gewissel, terwyl partye wat binne die Christen-demokratiese tradisie funksioneer, tussen 5% en 15% van die totale stemme op hulle verenig.

Vie wie moet ek dus stem?

Te midde van die beweging na links is die vraag of ons met ons stemme die sentrum moet versterk en of ons die stem van die Christendom in die politiek moet laat hoor. Die antwoord hierop is nie klinkklaar nie en gelowiges verskil daaroor. Christen-kiesers moet hulleself die vraag afvra hoe gelowiges hul roeping kan uitleef om ook in hierdie verkiesing konings, priesters en profete vir Christus te wees.

Christus se opdrag aan sy kinders is om sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees. As konings word God se kinders geroep om te heers oor die skepping. As priesters moet ons tydig en ontydig bid vir ons land en sy mense en as profete moet ons profeteer oor die wil van die Here. Met die keuse van 'n politieke party voor die verkiesing bly hierdie roeping ook ons toets.

DIE HUIDIGE POLITIEKE LANDSKAP IN SUID-AFRIKA

Aangebied deur: Oom Rob van der Kooy

'n Gelowige kyk anders na die politieke toneel as 'n ongelowige.

Die Gereformeerde kyk ook dikwels weer anders na dinge as ander Christene. Want ons probeer om alles vanuit die Skrif en die belydenisgeskrifte te bekyk en te beoordeel, en byvoorbeeld nie net moralisties nie. Ons noem dit die gereformeerde lewens- en wêreldbeskouing.

Ons uitgangspunt in die lewe is om die Here te ken en te dien soos wat ons uit sy Woord leer dat Hy gedien wil word.

Wat sien die gelowige in Suid-Afrika? Om enkele dinge te noem:

• Groot verskeidenheid Christelike gelowe, plus sinkresistiese en ander sektes.
• Verskeie soorte heidense gelowe, vanaf ateïste tot Moslems, Hindoes, Boeddhiste, Bahai's, ensovoorts.
• Toenemende ongeloof of eiesinnige geloof onder die blankes, en bekering onder die swartmense.
• Algehele gebrek aan goeie, bekwame leierskap, om van Christelike leierskap nie eers te praat nie.
• Ook sien ons talle tale, kulture, volke, rasse, groepe, stamme.

Daar is min lande in die wêreld wat so heterogeen is soos Suid-Afrika. Dit het baie nadele, soos moeilike kommunikasie en verskillende vorms van werketiek, maar ook praktiese voordele, soos dat een groep nie die land kan domineer nie.

Suid-Afrika het 'n ongelowige regering met 'n beleid wat gebaseer is op 'n mengsel van ubuntu, sosialisme, materialisme, geloof in menseregte en 'n voortdurende soeke na mag. Die Afrika- en sondige menslike instink is om na mag te strewe. Want mag is die vermoë om te doen wat jy wil, om in besit te neem wat jy wil, en om ander mense te dwing om jou wil te doen.

Gelukkig is daar ook baie teenwigte wat magsmisbruik en wanbestuur teenstaan, soos die talle minderheidsgroepe, die media (ook die sosiale media), gemeenskapskragte *(civil society),* die private sektor, buitelandse druk, en sakelui. En hulle kan hulle beroep op wette, die grondwet en die handves van menseregte.

Beïnvloeding

Die kerk en die gelowiges word drasties beïnvloed deur alles wat rondom ons gebeur, dikwels subtiel en onder die dekmantel van godsdiensvryheid. Besef ons dit? Besef ons wat TV, ander media, internet, allerlei verleidings, slegte tydverdryf en ook slegte geselskap, ongelowige onderwys en kerkloosheid aan die jeug se denke doen? Die godsdiensvryheid in ons land lei daartoe dat gelowiges dikwels nie meer die aanslag van Satan teen die kerk raaksien nie. (Was ons ouers en grootouers so verkeerd toe hulle fliek, dans, verkeerde vriende, reis op Sondae en kerkversuim by hulle kinders verbied het?)

Hierdie verslapping in die geloof wat ons daagliks rondom ons sien, het duidelike politieke gevolge gehad. Is die agteruitgang van die posisie van die blanke nie 'n straf op ongehoorsaamheid nie? Dit was by die Israeliete so. Waarom nie by die kerk van vandag nie? Ek sê nie dat die Here straf omdat die blankes apartheid afgedwing het nie. Ek sê die Here straf ongeloof en ongehoorsaamheid.

Politieke toneel

In breë trekke het die politieke toneel oor die afgelope 50 jaar drasties verander.

• 50 jaar gelede was dit blank (Afrikaner) teen blank (Engelssprekende). Die swartman was vir die twee groepe blankes 'n speelbal en elkeen het beter as die ander geweet hoe om die swartman, die kleurling en die Indiër te hanteer.

• Dit het deur die jare al meer verskuif na 'n magstryd van blank versus swart, tot 20 jaar gelede toe die swart bevolking se leiers die mag oorgeneem het.

• Vandag speel die blanke nog net 'n marginale rol in die politiek, 'n rol wat in die toekoms al kleiner gaan word. Die blanke se rol word nog net bepaal deur sy ekonomiese mag en sy kundigheid.

• Die huidige rolspelers is swart versus swart: 'n magstryd tussen die maghebbers (die ANC-elite) en tans nog klein, maar groeiende swart opposisiegroepe (Agang, EFF, Cope), met die swart vakbonde wat alkante in die politiek betrek word.

• As die Demokratiese Alliansie nog ‘n rol van betekenis wil speel, sal hy deel van die swart politiek moet word. Hy probeer tans hard.
• Die ACDP (African Christian Democratic Party) is die enigste werklik Christelike – maar dan Christelik in die algemene sin van die woord – politieke party. Die party het bitter min invloed, maar kan getuig (soos die GPV in Nederland in die vorige halfeeu). En dit is belangrik om te getuig: om God se wil en Christus se soenoffer te verkondig.

Die vraag waarheen die politiek gaan beweeg, is nie so moeilik vir sover ‘n gelowige mens kan sien nie. (‘n Gelowige mens kan dinge eerlik en realisties raaksien, nie besoedel deur allerlei idealistiese denkbeelde, ideologieë, naïwiteite en eie persepsies nie. Want ‘n gelowige sien dinge deur die bril van die Bybel – die enigste ware bril.)

• Die maghebbers wil aan die mag bly, dus moet hulle so populisties as moontlik wees. Maar hulle verstaan iets van die harde ekonomiese realiteit en is in ‘n mate gevoelig vir allerlei drukgroepe. Daarom die onlangse min of meer gebalanseerde begroting, maar nie ‘n verbeeldingryke en stimulerende een wat koers aandui nie.
• Die drukgroepe van die massa, soos die Economic Freedom Fighters en die meeste vakbonde, verstaan nie die ekonomie se harde realiteite nie, en glo dat nasionalisering en die geldrolpers rykdom kan skep. Uiterste populisme. Wat dit betref, moet ons maar hoop dat die ANC aan bewind bly (die Engelse uitdrukking “rather the devil you know than the devil you don’t know” is van toepassing).
• Die Afrikaner wat tot 20 – 25 jaar gelede aan die bewind van sake was, het ‘n klein minderheidsgroep geword. ‘Ware’ Afrikaners is waarskynlik minder as ‘n miljoen uit ‘n totale bevolking van 53 miljoen – sê maar 2% - min of meer soveel of selfs minder as die geskatte getal Zimbabweërs in Suid-Afrika.

Ontwrigting

Iemand vertel onlangs dat iets soos 80% van al die leerlinge van die Tegniese Hoërskool John Vorster in gesinne wat nie normaal funksioneer nie, grootword. In skole soos Wonderboom is dit dieselfde. Besef julle wat dit beteken vir die toekoms as die voorheen Christelik-sterk deel van die bevolking ontwrig grootword?

Die veelvolkigheid in Suid-Afrika word al groter. Behalwe die toestroming van Zimbabweërs, kom derduisende steeds uit Afrika ingestroom. En die Chinese word al op byna ‘n halfmiljoen beraam. Ons moet maar weet dat vir solank as wat dit beter met mense in Suid-Afrika gaan as in ander lande in Afrika, sal die instroming voortduur.

Om die heterogeniteit nog groter te maak: verstedeliking en die gepaardgaande sosiale ontwrigting gaan voort. Dit lei meer en meer na die wet van die oerwoud en die mag van die sterkste – die stryd om oorlewing.

In die verlede was ideologieë soos die sosialisme, liberalisme, kommunisme, sosiaal-nasionalisme, fascisme en nasionalisme sterk samebindende en stimulerende kragte wat lande en volke laat ontwikkel het (meestal nie ten goede nie – dink aan Wêreldoorlog I en II). Maar die tyd van hierdie soort ideologieë is verby. Die Westerse denke is postmodernisties, wat beteken daar is nie veel oortuiging meer oor wat waar en onwaar is, wat geglo en nie geglo kan word nie, of oor die sin van die lewe, die belangrikheid van waardes, betroubaarheid, kwaliteit, ensovoorts.

Die samebindende faktor vandag is die strewe na tegnologiese en materialistiese groei, individualisme (ek, ek en die res kan vrek) en die soeke na eie genot en geluk.

Enkele gevolge

Misdaad en korrupsie moet noodwendig bly toeneem, te wyte aan faktore soos die afwesigheid van ‘n morele basis en ‘n stel gesonde waardes, armoede, en die afwesigheid van ‘n moderne en effektiewe polisiemag. Voeg dit by die ontwrigting van mense en groepe, voortgesette bevolkingsgroei en verarming van ‘n aansienlike deel van die bevolking, en die vooruitsigte op hierdie gebied is nie goed nie.

Op die gebied van die ekonomie lyk dinge nie beter nie. Basies kom dit daarop neer dat Suid-Afrika in ’n groot mate (die informele sektor uitgesluit) dryf op Westerse ekonomiese waardes (Westerse

werketiek, produktiwiteit, logika, gesofistikeerdheid, tegnologie, kundigheid, eiendom- en kontrakreg).

Vir hierdie ekonomie om gesond te bly groei, moet dit gedra word deur 'n Westerse kultuur van politieke, sosiale en etiese waardes (kultuur kan gedefinieer word as die manier waarop mense dinge doen, hul waardes, prioriteite, strewes, ensovoorts).

Maar in Suid-Afrika word die Westerse ekonomie toenemend deur 'n Afrika-kultuur gedra, en dit kan nie hou nie. Óf die ekonomie val plat, óf die Afrika-kultuur moet verwesters. Laasgenoemde is besig om te gebeur, maar die vraag is of dit in voldoende mate die geval is.

Ons regering probeer op drie stoele sit: erkenning van die Afrika-kultuur, tradisies en gewoontes, Westerse ekonomiese waardes, en hul eie strewe na mag en rykdom.

Positief

• Onderwys, veral op tersiêre vlak, sorg vir die opkoms van 'n klas van geskoolde swartmense, baie meer as in die verlede. Ja, die onderwys is swak, maar dit gee geleentheid aan die slimmes om bo uit te kom.

• Die afgelope 20 jaar het ook gewys dat daar wel groei en ontwikkeling was. Die ligte brand steeds. Ons kon 'n wêreldbekertoernooi van kwaliteit aanbied. Die syfers wat president Zuma aangebied het as "we have a good story to tell" was baie eensydig, maar baie is wel die waarheid.

• Baie van die 'good story' is sekerlik moontlik gemaak deur blanke kundigheid. Feit van die saak is dat hierdie kundigheid nog steeds hier is en ek kan nie sien dat 'n groot deel daarvan nie hier gaan bly nie. Kyk maar na die getal blanke studente (Potch is vol van hulle, Aros ook). Die blanke besef meer as ooit dat hy moet presteer om te oorlewe. Hy moet 'onmisbaar' wees. Indien nie, word hy 'n armblanke.

• Iets soos 85% van die bevolking beweer dat hulle Christene is. Dit is 'n klankbord wat in talle ander lande nie meer bestaan nie, maar waarop aanspraak gemaak kan word. Daar is geen Christen-vervolging nie, hoewel daar al meer geluide is (veral onder die blankes) wat die Christelike geloof belaglik maak.

• Ook ten opsigte van sending is daar steeds baie moontlikhede en geleenthede.

Ja, dinge verander en ons het rede om pessimisties wees. Maar die Here sorg, en die mens is aanpasbaar.

Daarby is daar nog baie geleenthede. 'n Organisasie soos Solidariteit, maar ook sakekamers en gemeenskapsorganisasies sien geleenthede, minstens om die eie kring te onderhou.

Voorbeelde

Daar is talle geleenthede en moontlikhede om te protesteer, om druk uit te oefen, om die toepassing van die grondwet met sy menseregte en ook van talle ander wette af te dwing. Ons moet dit net op die bes moontlike manier doen deur die ander so min as moontlik te antagoniseer; om dus hulle gewoontes en kultuur in ag te neem.

Sorg vir jou eie gemeenskap se onderwys, veiligheid, gesondheid, werksgeleenthede en dienste.

Hou in stand wat jy kan.

Help, gee advies, lewer dienste wat niemand anders kan nie, om jouself byna onmisbaar te maak.

Die besef bestaan wel dat die land die Christelike geloof en sy waardes, asook blanke kundigheid nodig het. Dit moet op 'n beskeie en nederige manier benut en aangewakker word.

In my boek, *Die toekoms van SA, vir jou en my, vanaf 2014,* bespreek ek ongeveer 'n honderd faktore/aspekte en vergelyk by elkeen die huidige posisie met 20 jaar gelede, en probeer dit vorentoe projekteer. Die netto resultaat is effens negatief vanuit die mens beskou. Maar ons as gelowiges is altyd positief en dankbaar bly met wat die Here ons gee.

Deur Christus is ons oorwinnaars, op pad na die ewige lewe by ons Vader. Hy sorg vir ons. Hy weet van elke haar op ons hoof. Niks gebeur sonder dat Hy dit weet, bestuur en toelaat nie. Ons moet aan Hom vashou en ons plig doen. Dan kan ons die wêreld rondom ons bekyk en die politieke landskap as geïnteresseerdes, maar ook as betrokke vreemdelinge, beskou.

"Hy wat in die hemel woon, lag; die Here spot met hulle (die konings en vorste van die aarde). Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik." (Psalm 2: 4-5). Ons kan saam met die Here lag. En ons sal hulle saam met Hom verskrik. Want Hy is die Groot Koning, die Almagtige. En ons mag sy kinders wees.

"EK HOU NIE VAN MY OWERHEID NIE"

Aangebied deur: Ds Jelle Drijfhout

Guido de Bres staan bekend as die Reformator van die Nederlande. Hy was in 1559 gereformeerde predikant in Doornik (vandag is dit België). Maar die gereformeerde geloof is verbied deur die Rooms Katolieke owerheid. Ongeveer die helfte van die bevolking van Doornik was gereformeerd, maar moes ondergronds bly. Die gereformeerde gelowiges wou dit nie langer so hê nie en het begin demonstreer teen hierdie verdrukking deur middel van sang-optogte. Dis in hierdie tyd dat Guido de Bres die Nederlandse Geloofsbelydenis geskryf het en oor die muur van die land se leiers gegooi het. Een van sy beweegredes was om vir die owerheid te verduidelik dat gereformeerdes nie staatsgevaarlik is soos die wederdopers nie. Maar wat De Bres verwag het, het ook gebeur. Sy aksies het gelei tot 'n klopjag op hom en hy moes uit Doornik wegvlug.

In die jaar 1566 het groot kerklike en politieke veranderinge in die lug gehang. Oral het die hoop op godsdiensvryheid sterker geword. De Bres het besluit om terug te keer na sy vaderland en het predikant geword in Valenciennes. Op 10 Augustus 1966 hou Guido de Bres sy eerste openbare preek. In 'n kort tyd het meer as twee derdes van die inwoners van Valenciennes hulle tot die gereformeerde geloof bekeer. Ongelukkig breek daar toe op 24 Augustus die beeldestorm in Valenciennes uit. Radikale gereformeerdes het al die beelde uit die drie groot Katolieke kerke van Valenciennes verwyder en die kerke gereed gemaak vir gereformeerde eredienste. Die Sondag daarna het die gereformeerdes die kerke in gebruik geneem en Guido de Bres het in een van die kerke voorgegaan. Die land se leiers het die gereformeerdes toegestaan om buite Valenciennes byeenkomste te hou, maar nou het hulle hulself die Rooms Katolieke kerke toegeëien. Reaksie kon nie langer wegbly nie. Valenciennes is beleër en in 1567 ingeneem. Guido de Bres is gevange geneem. Op 31 Mei 1567 is Guido de Bres gehang. Sy laaste woorde was: "Wees onderdanig aan die owerheid en trou aan die waarheid."

NGB Artikel 36

Ons het 'n owerheid wat nie ons s'n is nie. Ons het waarskynlik nie vir hierdie mense gestem nie en hou nie van die die beleid wat gevoer word nie. Hoe moet jy as Christen jou teenoor so 'n owerheid opstel?

In artikel 36 in die NGB lees ons: "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm."

Die owerheid is 'n instelling van God net soos die huwelik 'n instelling van God is. Daar is net een groot verskil. God het die huwelik al in die paradys ingestel, maar die owerheid eers na die sondeval. Die owerheid is ingestel om die losbandigheid van die mense in bedwang te hou. Ons vind hier 'n baie minimale taakomskrywing vir die owerheid. Die owerheid moet sorg vir vrede en veiligheid, sodat elkeen in vryheid kan lewe en ook sy geloof kan bely. Die eerste taak van die owerheid is dus nie werkskepping of pensioenvoorsiening nie. Voor die verkiesings belowe partye altyd die grootste dinge, maar na die verkiesing kan hulle dit meestal nie nakom nie. Christene het 'n baie realistiese visie op die owerheid.

Wat verder opval is dat die NGB en ook die Bybel nie 'n regeringsvorm voorskryf nie. Toe Paulus Romeine 13 geskryf het, het hy in 'n diktatuur gelewe. Guido de Bres het onder 'n monargie gelewe en ons lewe in 'n demokrasie. Die gebod om die owerheid te eer is dus onafhanklik van die regeringsvorm. Wel mag ons baie dankbaar wees dat ons 'n demokrasie het met 'n grondwet, wat ten opsigte van Paulus en Guido de Bres 'n groot verbetering is.

Verhouding kerk – staat

In die geskiedenis is daar groot debatte gevoer oor die verhouding van kerk en staat. Die Rooms Katolieke kerk het gesê dat die owerheid onderworpe is aan die kerk en dat die pous politieke mag het. Luther se volgelinge het dit omgedraai: die kerk staan onder die staat. Die wederdopers het beweer dat Christene alleen aan God onderworpe is en daarom elke menslike outoriteit moet verwerp.

In die Gereformeerde kerk is daar nog altyd 'n skeiding tussen kerk en staat bepleit. Die staat is nie neutraal nie, want dit is 'n instelling van God en moet hom aan die wil van God onderwerp. Maar die staat het sy eie take en die kerk het sy eie take. Die staat het die taak tot wetgewing en wethandhawing. Die kerk het die taak om die Woord van God te verkonding, om lidmate op te roep om die owerheid te gehoorsaam (HK 39) en om te bid vir die owerheid (2 Timotheus 2:2).

Vreemdelinge

Omdat ons in Suid-Afrika 'n owerheid het wat nie ons s'n is nie, besef ons des te meer dat ons eintlik vreemdelinge op aarde is. Wat verwag vreemdelinge in 'n land van die owerheid? Tog in die eerste plek beskerming en vryheid om hulle geloof te kan bely. As Christene verder 'n deugsame lewe lei, hoef die owerheid hulle glad nie te vrees nie. Petrus sê: "Hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, ... sodat hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik."

As Christene vervolg word, is dit moeilik om eerbied te hê vir die owerheid, maar vir Christene wat in vryheid lewe is dit moeilik om nie te veel van die owerheid te verwag nie.

EMIGRASIE: RY OF BLY?

Enkele oorwegings oor ons roeping hier of daar

Aangebied deur: Oom Rob van der Kooy

Ons het verpligtings/ verantwoordelikhede/ 'n kultuurmandaat ten opsigte van die volgende:

1. God en sy kerk
2. Ons gesin en familie
3. Werk
4. Sosiale kringe

Wanneer ons besluite maak oor die kerk hier of daar, moet ons die volgende oorweeg:

- Geloofsvryheid
- Sending
- Bybelstudie
- Hoe maklik jy getuienis van jou geloof kan lewer
- Opvoeding
- Skool

Talle ander faktore sal ook jou besluit beïnvloed:

- Sekuriteit
- Werksgeleenthede op grond van jou kwalifikasies
- Jou gesin of kinders se toekoms
- Lewenskwaliteit
- Aanpassingsprobleme
    - o Taal en kultuur
    - o Gemeenskapskarakter
    - o Werkkring
    - o Vriende en sosiale kring
    - o Teleurstelling/ heimwee
- Sal dit moontlik wees om terug te kom?
- Jou finansiële vermoëns
- Watter land?

Jou toekomsverwagting

Die heel belangrikste moet ons eerste noem: die Here sorg. Hy hou sy beloftes. Hy kan doen wat Hy wil. Jy weet nie wat vir jou voorlê nie. Ons lewe in 'n onsekere land en wêreld, maar ons moet altyd onthou dat God alles in sy hand hou en dat Hy 'n plan het met alles.

Die gras lyk altyd groener aan die ander kant, maar besef ons werklik wat ons hier het t.o.v. die kerk, gesin, werk, natuurskoon, lewenskwaliteit en skole?

Jou prioriteite

Vra jouself af of jou ingesteldheid reg is. Is dit regtig wat die Here wil hê? Aanhoudende gebed is baie belangrik wanneer so 'n groot besluit gemaak word. Kyk ook na wat die Bybel van jou vra. Laastens kan jy ook kyk na wat die geskiedenis jou leer. Hoekom het jou ouers of grootouers geëmigreer?

WAT SÊ DIE BYBEL OOR DIE OWERHEDE?

Op die postbelydeniskamp het Dominee Boon aan ons die opdrag gegee om 'n gedeelte uit die Bybel te kry wat volgens jou ooreenstem met die politieke situasie van vandag, of wat daarby aansluit. Hieronder volg 'n paar van die Bybelgedeeltes tesame met 'n verklaring van die persoon wat die gedeelte geïdentifiseer het.

Die seuns van Eli (1 Samuel 2:12-17)
Korrupsie, wetteloosheid en eie gewin was aan die orde van die dag, soos vandag ook so dikwels gebeur. Eli se seuns het as die priesters wat die reëls en wette moes 'afdwing', self nie gedoen wat hulle moes nie. Ons sien so dikwels vandag dat die regering en mense wat reg en orde moet handhaaf, dié is wat die mees korrup en wetteloos is.

Psalm 20: Gebed vir die koning as hy optrek in die stryd.
Al wat ons kan doen is om vir die regering te bid.

Mattheus 4:5-7
"Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie."

Dit lyk dalk na die regte, selfs die enigste keuse om vir 'n Christelike party te stem. Maar God het vir ons 'n verstand gegee om hieroor goed te kan dink en redeneer. Met al die kennis en insig wat ons gisteraand opgedoen het, kan ons duidelik sien dat enige Christelike party nie gou aan bewind gaan kom nie. Is dit dan nie dalk bietjie iets soos: 'spring maar, die engele sal jou tog vang' as ons vir so 'n party stem nie?

Dan eerder glad nie stem nie? Nee, inteendeel, stem dan wel vir die party wat 'n goeie kans het om te wen of 'n groot invloed kan hê op die land. Stem wat reg is vir baie; nie slegs wat in teorie reg is om te doen nie. Ons sien uit die lewe van Jesus dat ons ons medemens en naaste moet help. Doen jy dit dan deur 'n klein party 'n klein spreekbeurt in die parlement te gee wat weinig tot geen invloed gaan hê? Of doen jy dit deur vir 'n party te stem wat reeds baie invloed in die land het en al baie mense gehelp het?

Getuig, wees 'n lig in die wêreld! Wees 'n lig in die wêreld in jou alledaagse lewe. Moenie 'n kers aansteek en dit dan wegsteek onder 'n groot maatemmer nie! Dit baat niemand. Ek sê dit omdat ek dit sinoniem wil maak met die stembriefie en stembus. Sien die brief as jou kers en die bus as die maatemmer. Dis goed en wel jy getuig van Christus met jou stembriefie, maar dan gooi jy dit in die stembussie, om nie weer gesien te word nie! Stem dan eerder vir 'n party wat 'n verskil kan maak en reeds doen, en help ander dan ook so om 'n beter lewe te kan lei. Doen ook iets uit jouself om die land 'n beter plek vir almal te maak, deur in die voetstappe van Christus te lewe.

Soms voel dit maar net of jy 'n keuse moet maak vir wat minder sleg is. Gestel iemand word vervolg en hulle kom vind herberg by jou. Gaan jy, wanneer hulle vervolgers aan jou deur klop, vertel waar hulle is? Gaan jy sê: "Ek gaan die regte ding doen en die waarheid vertel"? Want dit is immers die regte ding om te doen; jy jok nie, maar dit ten koste van daardie mense se lewens? Kies jy vir die 'regte' party ('n Christelike party), terwyl jy weet dat daar baie mense is wat swaarkry onder die party wat reeds aan bewind is en gesien het dat die 'regte' party beswaarlik 'n groot invloed in die regering kan hê? Of kies jy vir die minder regte party en verbeter duisende mense se lewens?

Die verhaal van Daniël
In Daniël se tyd het die mense gewoon geen stem gehad vir dié wat oor hulle gestel is nie. Tog het hulle gedoen wat van hulle gevra is, totdat dit teen die Woord van God ingegaan het, omdat die owerheid of regeerders oor hulle aangestel is, en God sê vir ons om aan die owerheid onderdanig te wees (Romeine 13:1) en te doen wat hulle van ons eis, tensy dit teen die Woord van God ingaan. Net soos ons sinode besluit het dat vroue in die amp reg is, het ons ook as kerke besluit om dit nie deur te voer nie. So ook het ons die reg en die plig om nie aborsie te ondersteun nie. Net omdat die regering dit toelaat, beteken dit nie dat ek daarmee saamstem of dit moet deurvoer nie.

Psalm 2
"Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?" (Psalm 2:1)
In hierdie Psalm sien ons duidelik die magsmisbruik van die wêreldmagte – hoe hulle teen die gesalfde van die Here opstaan. Hoe hulle hul eie, menslike planne maak om nog meer mag te verkry. Maar die Here waarsku hulle – die wat nie op die Here vertrou en by Hom skuil nie, sal vergaan.
Alhoewel dinge in ons land nie altyd so belowend lyk nie, mag ons weet dat die Here altyddeur daar vir ons is en dat ons by die Here mag skuil, veral in tye van nood.



Psalm 127: Sonder die Here – alles tevergeefs!
Mense maak dikwels planne en werk goed uit, maar as jou motief nie reg is of volgens God se wil nie, dan is dit tevergeefs. God regeer hoe Hy wil, ons is net instrumente.

Nehemia 4
Net soos wat die Arabiere, Amoniete en Asodiete teenstand gebied het en wou verhoed dat die tempel en mure van Jerusalem herbou word, so ook het ons vandag baie mense en gelowe wat teenstand teen die wil van God bied.

Dawid en Goliat (1 Samuel 17)
1. Ons, as Christene, is Dawid. Die volk/land/ regering is Goliat. Ons lyk klein teenoor die groot magte van die land. Tog sal die Here uitkoms gee. Die Here gee ons die middele om te kan opstaan vir ons geloof.

2. Dit het nie heeltemal betrekking op ons politieke situasie van vandag nie, maar tog dink ek daar is ooreenkomste tussen ons en die owerheid en Goliat en Dawid. Ons as Christene word gereeld 'uitgedaag' deur die owerheid, bv. as daar een of ander wet – wat teen ons beginsels is – deurgevoer word. Ons is egter meestal soos Israel, te bang om iets te doen, omdat die owerheid so groot is en soveel mag het. Ons moet egter meer soos Dawid wees: vertrou op God en gehoorsaam Hom, dan sal Hy ons help in alles wat ons moet doen.

Prediker 9:1
"Want dit alles het ek ter harte geneem en dit alles het ek probeer deurgrond, dat die regverdiges en die wyse manne en hulle dade in die hand van God is, liefde sowel as haat; die mens weet niks van wat hom voorlê nie."
Ons kan nie voorspel wat gebeur nie en dus is dit baie keer onnodig om bang te word. God lei ook wat in die politiek gebeur en ons kan dus vertrou op God dat Hy leiding sal gee.

Exodus 20:12
"Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee."
Die vader en moeder verwys nie net na ons ouers nie, maar aan dié wat bo jou gestel is, soos die regering. Ons moet net 100% vertrou op die Here en ons regering gehoorsaam. Hy het hulle daar geplaas en ons moet hulle gehoorsaam.

Mattheus 6:33
"Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."
Ons bekommer ons so baie oor die aardse koninkryk, terwyl ons weet ons tyd op aarde is onvolmaak. Dis vir my 'n troos dat ons God se koninkryk mag soek, nou al van dit mag geniet en mag uitsien na 'n toekoms saam met Hom.

Psalm 44:4
"Want hulle het die land nie deur hul swaard in besit geneem nie, en hul arm het hulle nie die oorwinning gegee nie, maar u regterhand en u arm en die lig van u aangesig, omdat U 'n welbehae in hulle gehad het."
God sorg vir ons. Hy het beheer oor alles en ons moet in Hom vertrou.

It depends on what is important to you

Two friends were walking near Times Square in Manhattan. It was during the noon lunch hour and the streets were filled with people. Cars were honking their horns, taxicabs were squealing around corners, sirens were wailing, and the sounds of the city were almost deafening. Suddenly, one of them said, “What an interesting place to hear a cricket.”

His friend said, “What? You must be crazy. You couldn’t possibly hear a cricket in all of this noise!”

“No, I’m sure of it,” his friend said, “I heard a cricket.” “That’s crazy,” said his friend. The man, who thought he had heard a cricket, listened carefully for a moment, and then walked across the street to a big cement planter where some shrubs were growing. He looked into the bushes, beneath the branches, and sure enough, he located a small cricket.

His friend was utterly amazed. “That’s incredible,” said his friend. “You must have superhuman ears!”

“No,” said the man who heard the cricket. “My ears are no different from yours. It all depends on what you’re listening for.” “But that can’t be!” said the friend. “I could never hear a cricket in this noise.”

“Yes, it’s true,” came the reply. “It depends on what is really important to you. Here, let me show you.” He reached into his pocket, pulled out a few coins, and discreetly dropped them on the sidewalk. And then, with the noise of the crowded street still blaring in their ears, they noticed every head within twenty feet turn and look to see if the money that tinkled on the pavement was theirs.

“See what I mean?” asked the man who heard the cricket. “It all depends on what’s important to you.”

Challenge

"Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie." (Mattheus 5:25)

Elkeen van ons word daagliks blootgestel aan die vyand wat ons telkemale in die versoeking lei. Hier volg `n uitdaging wat jy kan volg om te keer dat die vyand jou onderkry. God sal jou help om sterk te staan in jou geloof en ook in al die besluite wat jy maak. Hy is by sy kinders ten alle tye.

Week 1

"Die blydskap wat die Here gee, sal julle krag wees!" (Nehemia 8: 11)

God gee ons krag elke dag. Hy help ons deur alles en Hy lei elkeen van ons se paadjies. Wees daarom bly in die Here, want ons ontvang sy krag elke dag. Ons mag dae ervaar wat donker is, maar ook dae wat die son skyn en ons net wil straal. Wees elke dag `n kind van Hom; leef dit uit wat Hy van jou verwag. Laat ander sien jy is bly omdat jou Koning leef. Weet dat God altyd sy kinders se hande vashou; Hy sal ons nie laat val as Hy weet dat ons nie ons probleme kan dra nie. Glo daarom en hou net vas. Dit maak nie saak watter pad ons loop nie, want ons hoef dit nooit alleen te loop nie. "Dit is die dag wat die Here gemaak het. Laat ons daaroor juig en bly wees." (Psalm 118:24) Wees bly in Hom.

Week 2

"U is my lig, o Here, U verlig my duisternis." (2 Samuel 22:29)

God is ons lig in die lewe. As jy soms voel jy het geen rigting in jou lewe nie, kyk net op. God se lig skyn vir sy kinders. Daarom moet ons `n lig wees vir die wêreld. Oor die regverdiges sal daar `n lig skyn, en daar is blydskap vir hulle wat opreg is. Ons hoef nie bang te wees of vir enigiets te vrees nie omdat God ons Koning by ons is. Hy is groot. "Die Here is my lig en my redding. Vir wie moet ek dan vrees? Die Here is my lewenstoevlug. Vir wie sal ek dan bang wees?" (Psalm 27:1) God se Woord is `n lamp vir ons voete en `n lig op ons pad.

Week 3

"U, Here is barmhartig en genadig, U is stadig om kwaad te word, vol liefde en trou." (Psalm 86:15)

God is volmaak en sonder sonde, en niemand van ons is soos Hy nie. Ons probeer soos Hy wees, maar ons as mens is vol sonde. Wees dan stadig om kwaad te word, wees genadig, vergewe, wees liefdevol en laat die woorde uit jou mond lieflik en loflik wees. Wees soos Hy! Dra die vrugte van die Gees in jou lewe: liefde, blydskap, vrede, lankmoedighid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid en selfbeheersing. (Galasiërs 5:22)

Week 4

"Ek verheug my in die Here! Ek is bly in my God! Want Hy het vir my klere van redding aangetrek, en vir my die mantel van regverdigheid omgehang." (Jesaja 61:10)

God is daar vir sy kinders. God sal dié beloon wat opreg is. God is goed; Hy kom sy beloftes na. God sal die gelowiges nie teleurstel nie. Alhoewel daar steeds slegte dinge met ons gaan gebeur, kan ons weet dat dit met `n doel gebeur en dat dit God alleen is wat die groter prentjie sien. Uit God se volheid het ons almal `n oorvloed van genade ontvang. "Ek weet wat Ek vir julle beplan het, sê die Here. Ek beplan voorspoed vir julle, nie teëspoed nie. Ek wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê." (Jeremia 29:11)